

AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

20 Januarie 2018

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Om oefening te kry in gebed het niemand 'n gimnasium nodig nie - enige stil plek sal doen; geen oefenapparaat...net 'n geboë hoof. Maar jy moet versigtig wees, want die lewende God is 'n kragveld waarbinne jy dit waag wanneer jy bid. Om naby God te kom is om te verander. Douglas W Steere

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens Sy wil vra" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Getuig ook in swaar tye.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

353. dat jy sal getuig oor jou Verlosser ook in moeilike tye.

Lees: Job 19: 19-29 "Ek weet dat my Losser leef, uiteindelik sal Hy op die aarde triomfeer! Selfs nadat hierdie siekte my vel weggevreet het, sal ek nog lewe en God sien." (vers 25,26).

Ons lees in die Boek Rut ook van 'n lossier. Rut kom na Boas toe omdat hy as haar lossier moes optree, nadat sy en haar skoonma Naomi terug gekeer het uit 'n vreemde land en hulle mans dood is wat die nageslag vorentoe kon vat. Die lossier het bv. 'n naby familie lid wat moeilikheid gehad het uit die verknorsing gehelp. As die eerste in die ry nie in staat was om te help nie moes hy sy reg aan die volgende in die ry afstaan sodat die dan kon help.

Job praat ook van sy **Lossier**. Hy het nie net finansiële probleme gehad nie. Sy hele lewe was deur siekte en ellende in gevaar gewees. Sy lossier, naby familie lede, kon hom nie help nie. Hulle wou dalk ook nie. Daarom dink Job aan sy Lossier, God. Sy God lewe en die sal hom help. God is die oorwinnaar, al het die siekte ook sy fatale loop geneem. Hy sal Hom sien. Hierdie regverdige Regter van **vers 29** sal daar wees, ook as alles aards verby is. Hy sal help.

Vandag weet ons baie meer as wat Job geweet het. Ons kan 'n persoonlike verhouding hê met Jesus, die Lossier by uitnemendheid. Jesus besluit nie of Hy as lossier wil optree as Hy na jou situasie kyk nie. Hy doen dit sommer net omdat jy jy is en Hy jou ontsettend lief het. Hy skuif nie Sy Lossiersreg op iemand anders af nie. Ons Lossier leef. Hy sal weer terug kom na ons toe. Uiteindelik sal Hy op die aarde triomfeer volgens **vers 25**. Hy is jou Lossier. Jou naby familielid, want Hy het jou wat glo 'n kind van God gemaak. Hy het jou Ouboeet geword (**1 Kor 15:20**). Ons weet dat die dood geensins die einde is nie, maar eintlik net die oorstap na die ewige lewe (**1 Kor 15:57**).

Job is wel vir ons 'n groot voorbeeld in die sin dat hy vashou aan God, sy Lossier, al is hy in 'n vreeslike moeilikheid. Ons moet ook getuig dat ons Lossier leef, al gaan dit hoe swaar met ons. **Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy sal getuig oor jou Verlosser ook in moeilike tye.**

Here Jesus, U is my Losser. Help my om ook in tye van siekte, droogte, familiekrises en geldelike nood aan U vas te hou en tydig en ontydig van U te getuig.

Gebedsake:


1. Bid vir die Mausivi-kleuterskool met sy 25 kinders asook juf Klemenntine Musongo.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n warm Kalahari
Smittie Kotzé

**Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.
As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.**



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

27 Januarie 2018

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Van my beste gebede is die kere dat ek nie woorde het nie. Ek hou op met praat, sluit my oë en ek dink oor wat ek gelees het, of oor wat ek gebid het, en ek luister... Charles Swindoll

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Berus in God.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

354. dat jy sal kies om mense saam te neem hemel toe.

Lees: **Job 20: 18-29** "Dit is die lot van die mens wat skuldig is voor God, die deel van die een wat Hom teen God verset." (vers 29).

Ons het almal groot geword met die spreekwoord: Boontjie kry sy loontjie. Die Bybel praat van wat jy saai sal jy maai. As jy God uitsluit en ander mense uitbuit en onderdruk, moet jy maar weet jou dag sal kom. As alles in die lewe net om jouself draai sal jy beslis daardie vrot- ego- vrug pluk. Elke hond kry sy dag en 'n brak kry agt het ons op skool graag vir mekaar gesê. Iewers gaan die blinde sambok die ou wat hierdie pad gekies het vuurwarm piets. Oneerlikheid, korrupsie, uitbuiting en die eie-ek wat in die pad staan is nie die moeite werd nie. Dit haal jou in op 'n tyd wat jy dit die minste verwag. Boontjie kry sy loontjie.

Sofar een van Job se vriende het die rympies gereeld vir Job herhaal. Sofar het vas gehaak by die gedagte dat Job iewers moes sondig en dit gaan hom vreeslik berou. Volgens hom gebeur al die slegte goed met Job a.g.v. sy sonde. Job moes dringend tot bekering kom sodat hy die seën van die Here kan ontvang. Volgens Sofar verloor slegte mense alles. Wat Sofar eintlik impliseer is dat hy 'n goeie ou is daarom is hy nie in Job se skoene nie. Sofar het nog nie ontdek dat goeie en slegte mense soms slegte, erge traumatiese, goed oorkom nie. Goeie mense word nie uitgesluit van rampe nie. Slegte mense word nie met die hand uitgekies dat alle rampe hulle tref nie. Sofar het ook nog nie agter gekom dat goeie en slegte mense voorspoed beleef nie en dat die voorspoed groot genade van God is nie. 'n Vriend hier in die omgewing sê altyd reën is 'n wonderlike gelykmaker van mense en gemeenskappe. Goeie, slegte, ryk en arm mense kry soms reën en soms nie. Almal kry soms droogte. Ek moet sê genadiglik kry ek nie volgens verdienste reën nie. Dit sou vir jou 'n ramp wees.

Ons almal is een dood skuldig. Ons vat niks aards saam hemel toe as ons sterf nie. Alles word nagelaat as jy te sterwe kom. Ons kan net die siele wat vir Jesus gewen is saamneem. As ons God uitsluit of as ons mense minagtend behandel vergader ons in alle geval skatte op die verkeerde plek. As jy leef om mense saam te neem hemel toe sal jy die loon ontvang. In albei gevalle of jy God uitsluit of as jy Hom erken en eer geld die spreekwoord, wat jy saai sal jy maai!

Ps 100:4,5 "...dank Hom, prys Sy Naam, want die Here is goed, aan Sy liefde is daar geen einde nie, sy trou duur van geslag tot geslag."

Ps 101:2 "Ek wil my daaraan wy om opreg te lewe...In my huis wil ek lewe in opregtheid, niks wat sleg is, wil ek nastreef nie."

Kom ons kies God as lewensvennoot. Hou jou hand in Sy hand deur die goeie en die slegte van die lewe. Maak Ps 101:2 jou lewensuitkyk. Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy sal kies om mense saam te neem hemel toe.

Here Jesus, help my om U te eer in goeie en slegte tye. Maak my asb iemand wat vir ander mense tot seën is.

Gebedsaak:


1. Bid vir die St Theresia-kleuterskool met sy 75 kinders asook juf Munangu Theresia.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n warm Kalahari
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993. As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

04 Februarie 2018

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

As 'n mens dit net kan regkry om stil op God te wag nadat jy gebed het, sal jy jouself oorhaastige foute en seerkry kan spaar. baie Hudson Taylor

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens Sy wil vra" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **God seën almal.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

355. dat jy Hom sal vertrou om gelowig en ongelowig reg te hanteer en reg te oordeel.

Lees: Job 21: 16-26 "Spaar God dan sy rampe op vir die goddeloses se kinders? God moet hom tog straf dat hy dit self weet!" (vers 19).

Hoeveel keer in jou lewe het jy al gewens dat God iemand sal straf dat hy draf. As mense jou sleg te na kom is die gedagtes wat deur jou kop gaan nie altyd so suiwer nie. Stem jy saam? Miskien ook maar goed dat ek en jy nie God is nie. Ons sou beslis nie genoeg genade betoon nie en daarmee saam het ons nie voldoende wysheid om sake reg te hanteer nie. Dawid sê mos op 'n kol dat hy eerder in die hande van God val as in die hande van mense. Mense kan bitter onredelik wees, veral as hulle voel dat hulle onregverdig benadeel is.

Sofar vertel dat dit altyd sleg gaan met goddelose mense, maar Job stem nie saam nie. Volgens Job gaan dit soms baie goed met goddeloses. Hulle goed is hulle god en daarom het hulle nie vir God nodig nie. Job stoei ook maar met die onregverdigheid van die lewe. Dit lyk op die stadium vir Job of dit met goddeloses beter gaan as met toegewyde gelowiges. Volgens **vers 23-25** lyk dit of dit altyd goed gaan met sommige mense, terwyl dit met ander altyd sleg gaan. Voel mos as moeilikheid jou adres gekry het of dit nooit ophou nie. Die kar, was masjien en yskas breek mos saam en somer op 'n Saterdag of tussen kersfees en nuwe jaar as al die winkels toe is. Seker daarom dat Lukas Maree sing: Ek sou kon doen met 'n miljoen.

Ook Job wonder hoekom goddelose mense nie gestraf word nie. Eers as hulle sterf kom die straf op hulle nageslag. Dit is nie reg nie. Volgens **vers 19** moet die goddelose self die straf kry. Tog weet hy dat God alles weet, alles beheer en alles reg doen. God is so regverdig en genadig dat Hy self reën gee oor goeies en slegtes. Hy seën almal want Hy het almal ewe lief. Die gelowige en ongelowige moet dit besef. Ons kan God met ons voor en teëspoed vertrou. Hy weet die beste. **Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy Hom sal vertrou om gelowig en ongelowig reg te hanteer en reg te oordeel.**

Here Jesus, dit is nie vir my om ander te oordeel nie. Help my om U te vertrou om elke mens reg te hanteer.

Gebedsaak:


1. Bid vir die Zoreni kleuterskool met sy 25 kinders asook juf Emely Nambahu.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.
4. Bid asb vir die Bothma familie van Aranos wat hulle ouers en groot ouers op so 'n wrede en tragiese manier naby Koës verloor het.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n warm, droë Kalahari
Smittie Kotzé

**Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.
As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.**



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

10 Februarie 2018

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Die krag van gebed is nog nooit ten volle benut nie. As ons die kragtige werke van God se mag en genade te midde van swakheid, mislukking en teleurstelling wil sien gebeur moet ons op God se staande uitnodiging reageer: Roep My aan, Ek sal jou antwoord en jou vertel van groot en onverstaanbare dinge waarvan jy nie weet nie. Hudson Taylor

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens Sy wil vra" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Sondeskuld.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

356. dat jy dankbaar goeie dinge sal doen en mooi van ander sal praat om Hom te eer vir jou eie genadige redding.

Lees: Job 22: 1-20"Daar is geen einde aan al jou sondes nie." (vers 5).

Ons kan baie maklik afleidings maak oor ander mense se doen en late. Sonder om met hulle te sit en gesels kom ons tot gevolgtrekkings wat nie altyd waar en eg is nie. Ons diskrediteer die ou sonder dat ons die ware feite het. Ek hoor van 'n jong swart boer wat begin het om van goeie wetenskaplike boerderymetodes gebruik te maak op sy lande en met groot sukses. Sy bure beskuldig hom toe dat hy met toordery besig is om al die groei uit hulle lande na sy land te trek en dit gaan hulle boerderye benadeel en ten gronde bring. Hulle maak hom toe dood sonder om te hoor wat hy doen. Hy kon hulle dalk ook help om suksesvol te boer. Verkeerde afleidings en gevolgtrekkings lei tot verkeerde besluite.

Elifas, een van Job se ander vriende, het op grond van die rampe wat vir Job getref het, besluit dat Job 'n groot sondaar moes wees. Hy het al God se toorn op hom verenig as gevolg van al sy sonde. Hy beskuldig vir Job van uitbuiting van sy familie, verdrukking van die armes, selfsug, afpersing, en liefdeloosheid (**Job 22:6-9**). Volgens Elifas is dit die rede waarom alles met Job verkeerd loop (**Job 22:10,11**). Hierdie afleidings word sonder enige getuienis of ondersoek gedoen. Geen feite is nagegaan nie. Dis wreed en geweldig nalatig. Tog doen mense dit graag. Jy kan 'n baie goeie lid van jou samelewing wees en iemand versprei 'n skinderstorie oor jou en die gemeenskap vind jou skuldig sonder dat iemand met jou gesit en gesels het oor die gerugte. Jy is skuldig sonder dat jy ooit jou kant van die saak kon stel. Dis hoe wreed nalatig ons samelewings is. God het die wonderlikste getuienis oor Job gegee, maar een van sy beste vriende raak al die ongegronde afleidings oor hom kwyt en die wêreld slurp die sappige storie vir soetkoek op.

Ons is net so skuldig. Ons maak ook soms afleidings en kom tot wrede verkeerde gevolgtrekkings oor mense sonder dat ons ooit met hulle gesels het. Ons bevraagteken maklik mense se motiewe sonder om eers ondersoek in te stel. Ons dink graag wat ander sou dink of doen sonder dat ons met hulle gesels het.

Waaroor Elifas reg was is dat daar geen einde aan ons sondes is nie. Ons kan soms goeie daade met verkeerde motiewe doen. **Rom 3:23 "Almal het gesondig en het nie deel aan die heerlikheid van God nie."** Soms veroordeel en beskuldig ons ander mense vals net om die oë van ons eie ongeregtighede af te hou. Waarheid is dat ons netso skuldig is. Ons het Jesus netso nodig as enige ander mens op aarde. **Rom 3:24 "en hulle word deur Sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is."** Ons mag nooit dink dat ons beter as iemand anders is nie. Ons wat soms ander onverdiend veroordeel het ook Jesus se genade nodig.

Kom ons maak eers 100% seker van die waarheid voordat ons enige iets oor of van iemand ander sê. Nog beter moenie iets sê wat hoegenaamd 'n ander persoon kan benadeel nie. Goeie raad is om stil te bly as jy nie iets goeds oor ander kan sê nie. **Mat 7:12** vra dat ons ander sal hanteer soos ons self hanteer wil word. Hoekom is ons dan so wreed nalatig met ander mense? Wil ons regtig ook deur die wildehonde van skinder en stories dra verslind word? **Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy dankbaar oor jou eie redding goeie dinge sal doen en mooi van ander sal praat om God te eer.** Jy is uit genade gered. Watter goeie daad gaan jy vandag doen om Hom daarvoor te eer?

Here Jesus, help my om net mooi goed van ander mense te versprei sodat U daardeur verheerlik kan word. Ekself is 'n sondaar wat uit genade gered is.

Gebedsaak:

1. Bid vir die Mupapama kleuterskool met sy 30 kinders asook juf Eveline Musese.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.
4. Bid asb vir die Bothma familie van Aranos wat hulle ouers en groot ouers op so 'n wrede en tragiese manier naby Koës verloor het.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n warm, bietjie nat Kalahari
Smittie Kotzé

**Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.
As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.**



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

17 Februarie 2018

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Is gebed jou stuurwiel of jou spaarwiel? Corrie ten Boom

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens Sy wil vra" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Draai terug.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

357. dat jy jou aan Hom sal onderwerp.

Lees: Job 22: 21-30 "Onderwerp jou aan God, dan sal jy in vrede leef, en so sal jy voorspoed hê." (vers 21).

Elifas is reg dat dit 'n mens baat om deur alle omstandighede aan God se voete te sit. As jy die verkeerde keuses maak en dinge loop lelik skeef soos in die verlore seun se geval is dit wys om terug te draai na God toe. Volhard op daardie pad van verkeerde keuses en die varke is beter af as jy. Moenie dat trots jou weghou van die regte besluit af nie. By Hom is jy altyd welkom. Elifas is nie heeltemal reg dat Job noodwendig weg gedraai het van God nie. Job het deur geweldige beproewings gegaan wat hom aan die einde sterker in die geloof sou maak. Elifas is wel oor die algemeen reg met terug draai na God toe, want daar sal jy vrede vind.

Ps 103:17 "Maar onverganklik is die liefde van die Here vir die wat Hom dien..."

2 Kron 7:14 "As my volk oor wie my Naam uitgeroep is, berou toon en bid en vra na my wil en terugdraai van hulle bese weë af, sal Ek uit die hemel luister en hulle sonde vergewe en hulle land herstel stel."

Ps 105: 3 "...laat die wat die teenwoordigheid van die Here soek, bly wees. Soek hulp en beskerming by die Here, soek gedurig sy teenwoordigheid."

Ps 107: 1,2 "Loof die Here, want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie! So moet die mense sê wat deur die Here bevry is, die wat Hy uit hulle nood bevry het..."

Ps 107:43 "Wie verstandig is...moet let op die Here se dae van trou."

Wysheid is juis om by die Here te gaan aanklop vir hulp. Wysheid is om te erken dat jou hulp by die Here te vinde is. Wysheid is om te erken dat my vermoëns te beperk is om my uit alle probleme te red. Ons kan so maklik op verkeerde plekke gaan hulp soek.

Ps 109:26 "Help my, Here my God, red my in U troue liefde, dat mense kan weet dat dit U hand is, U, Here, wat dit gedoen het."

Ps 111:4,5 "...Genadig en barmhartig is die Here. Hy voed die wat Hom dien..."

Ps 111:10 "Wysheid begin met die dien van die Here; almal wat dit doen het ware insig."

Ps 112:1 "...Dit gaan goed met elkeen wat die Here dien, wat al sy vreugde vind in die gebooie van die Here."

Die Here roep ons werklik terug na Hom toe as ons verkeerde keuses gemaak het. Hy wil hê dat ons op Sy skoot gaan sit as ons hartseer is. As die lewe ons 'n harde skouer gee kan ons maar kies om by Hom te gaan sit. Hy sal ons nooit verstoot nie. "Elkeen wat die Vader vir my gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie." (Joh 6:37).

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy jou aan Hom sal onderwerp. "Die Here is my rots, my skuilplek en my redder, my God, my rots, by wie ek skuil, my skild en sterk Verlosser, my veilige vesting." (Ps 18:3).

Here Jesus, ek onderwerp my in alle omstandighede aan U.

Gebedsaak:

1. Bid vir die Ambrosius kleuterskool met sy 45 kinders asook juf Elnelbertha Muhoko.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n warm, bietjie nat Kalahari
Smittie Kotzé

**Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.
As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.**



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

24 Februarie 2018

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Jy hoef nie vir God instruksies te gee nie; meld net aan vir diens. Corrie ten Boom

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens Sy wil vra" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: 'n Wêreld vol onreg.

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

358. dat jy Sy oordeel sal vertrou en aan Sy teenwoordigheid sal glo.

Lees: Job 24: 1-12 "Waarom stel die Almagtige nie tye vas vir afrekening nie? Waarom moet die wat Hom ken, tevergeefs uitsien na sulke dae." (vers 1).

Soms voel 'n mens dat daar soveel onreg is en die Here doen niks daaraan nie. Die rykes word ryker en die armes net armer. By tye voel dit asof die aarde jou vas druk met al die teëspoed wat jou tref. In die tye wat ons leef maak politici beloftes wat hulle nie kan nakom sonder geweldige onreg nie. Regdeur Afrika stort regerings finansieel in duie as gevolg van onregmatige gebruike, onvermoë om te regeer, korrupsie en geen dissipline. Chaos! Die polisie wat jy moet vertrou raak die vyand omdat daar net geen geloofwaardigheid oor is nie.

Dawid en Job het al gevoel dat daar te veel onreg in die wêreld is. Rykes stoom voort en vertrap die armes ens. Job en Dawid stoei al met die vraag waarom God dit toelaat. As jy **Job 24** lees voel dit asof dit vandag se koerant is wat jy lees. Dieselfde dinge vind in ons moderne wêreld plaas. Soms voel 'n mens dat beroemde mense wat iets op 'n sportveld bereik het baie meer erkenning kry as bv. 'n sendeling wat sy lewe opoffer om siele te wen vir God se koninkryk. Waar het dinge verkeerd geloop? Hoekom laat God dit toe? In **Ps 119:84** vra Dawid "...Wanneer straf U my vervolgers?" Tog sê Dawid ook: "Ek weet, Here, dat U bepalings regverdig is. Dat U my laat swaarkry, is 'n teken van u trou." Daarmee erken Dawid dat hy nie in tye van swaarkry alleen is nie. God staan nie apaties teenoor ons pyn en lyding nie.

Dan lees ons ook van die verskriklike lyding en vervolging wat Christene moet deurgaen in sekere lande. Dan vra 'n mens: hoekom? Op die stadium is ons deel van die gebroke werklikheid waarin satan alles sal doen om Jesus by te kom. Daarom loop dinge nie altyd so glad nie. Jesus bemoedig self die kinders van God met **Luk 6:22** "Geseënd is julle wanneer die mense julle haat en julle verstoot en uitstel...alles twv die Seun van die mens." In die bergpredikasie sê Jesus: "Geseënd is die wat vervolgd word omdat hulle doen wat reg is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel" (**Mat 5:10**). Omdat ons Jesus volg sal ons ook erfgename van Sy lyding wees volgens **Rom 8:17**. Dit sal so wees totdat Jesus weer kom. Satan haat vir Jesus. Hy het die stryd aan die kruis verloor en daarom sal hy God se kinders teiken. Hy wil eintlik vir Jesus seer maak.

Waar is God? Volgens **2 Kor 4:9** word ons vervolg en ly ons erg, maar ons word nooit deur God verlaat nie. Ons wat getrou bly deur vervolging en korrupte regerings en al die dinge wat vir ons sleg is het steeds die belofte van **Mat 5:10** dat God se koninkryk ons deel sal wees. Ons is nie uitgelewer aan satan en sonder God se teenwoordigheid nie. Al voel ons daar is erge onreg en wrede vervolging weet ons dat 'God met ons' steeds geld. Immanuell!

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy Sy oordeel sal vertrou en aan Sy teenwoordigheid sal glo en vashou. Ons sal hier slegte dinge ervaar en teenkanting hê want ons is nog nie tuis nie. Ons ewige woning waar wet, orde, harmonie, liefde en Goddelike dissipline heers, wag op ons.

Here Jesus, help my om U te vertrou al loop dinge nie soos ons dink dit behoort te loop nie. Help ons om te vertrou dat U ons deur elke vorm van lyding sal dra.

Gebedsaak:

1. Bid vir die Mupi kleuterskool met sy 33 kinders asook juf Maria Kapundura.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.
4. Bid vir ons regerings in Namibië en Suid Afrika dat God deur hulle manier van doen verheerlik sal word.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n koeler, droë Kalahari
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993. As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

30 Maart 2018

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Jy hoef nie vir God instruksies te gee nie; meld net aan vir diens. Corrie ten Boom

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **God is alwetend.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

360. dat jy oop en eerlik voor Hom sal staan.

Lees: Job 34: 13-28 "God hoef nie verder navraag te doen wanneer 'n mens voor Hom verskyn in die oordeel nie." (vers 23).

In rugby en krieket word baie van die onsekerhede wat op die veld gebeur na die derde skeidsregter verwys. Dinge gebeur soms net te vinnig vir ons menslikheid om regtig seker daarvoor te wees. Ons kan verkeerde keuses maak met nare gevolge. Beter om dan 'n finale besluit te neem nadat jy 100% seker gemaak het.

Ds Attie van Wijk vertel van 'n leraar wat eendag huisbesoek gaan doen het en hy vind toe dat die meubels in die sitkamer teen die muur geskuif is, die mat is opgerol en een van die skilderye is omgedraai met die voorkant teen die muur. Toe die dame gaan tee maak vra hy toe vir die seuntjie hoekom die skildery na die muur gedraai is. Eerlik antwoord die lat toe: "Ds, ons wil vanaand 'n dans hou en wil nie hê dat Jesus dit sien nie." As ons maar ons sonde so maklik vir Jesus kon wegsteek. "**Hy sien alles raak wat hulle doen,**" herinner Elihu in **vers 25**. Vir God is alles oop en bloot. Om 'n N\$20-00 noot in 'n 'canned fruit' bottel weg te steek dat niemand dit sien nie is onmoontlik, want dit is deursigtig. Netso is dit onmoontlik om sonde vir God weg te steek. Selfs dit wat ons in die donkerte doen sal oop en bloot voor God wees, waarsku die Bybel. Al daardie onder die tafel transaksies waarvan net jy weet is wel bekend aan God. Hy ken selfs die gedagtes wat jy dink. Nog voordat jy dit gedink het weet Hy wat jy gaan dink. Met die oordeelsdag sal die dinge soos 'n film voor jou af speel. Niks wat jy in die geheim doen sal ongesiens verby gaan nie. So sal jy ook nie die oordeel kan ontglip met geheime nie.

God is alwetend. Elke keuse wat ons vandag maak is wel bekend aan Hom. Geen besluit wat jy neem kan jy vir Hom weg steek nie. Vandag sal vol toetse wees. Sal jy oop en eerlik voor God staan nadat jy jou keuse gemaak het en jou besluit geneem het? Jou besluit bepaal die uitkoms. Job het deur moeilike omstandighede getrou gebly en transparant voor God gestaan. Job het nie altyd verstaan wat met hom gebeur nie, maar hy het soos 'n oop boek voor God gelê. Wat van jou?

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy oop en eerlik voor Hom sal staan.

Here Jesus, hou my getrou aan U.

Gebedsaak:


1. Bid vir die Tukushongehu kleuterskool met sy 10 kinders asook juf Katrina Kudumo.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.
4. Bid vir ons regerings in Namibië en Suid Afrika dat God deur hulle manier van doen verheerlik sal word.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n koeler, droë Kalaharie
Smittie Kotzé

**Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.
As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.**



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotzé

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

08 April 2018

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Meer dinge is te danke aan gebed as wat ons in ons wildste drome kan voorstel. Alfred L Tennyson

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens Sy wil vra" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Klop aan vir hulp by God.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

361. dat jy in alle omstandighede by Hom vir hulp sal aanklop.

Lees: Job 35: 1-16 "Maar hulle vra nie na God, hulle Maker, na Hom wat selfs in die nag 'n lied kan laat sing nie." (vers 10).

Ek staan soms verwonderd oor hoe goed sommige mense teenspoed hanteer. Ek luister na van my vriende wat deur moeilike tye gaan en dan die Here kan eer in daardie pynlike omstandighede. Ons lees in **Hand 16:25** hoe Paulus en Silas in die tronk in Fillipi lofliedere sing. Ek dink hulle ellende in daardie tronk was redelik groot. Hulle was erg aangerand en het seker baie pyn ervaar. Hulle eer God in daardie uiters haglike omstandighede. Ek bewonder hulle want ek glo dit is net die Heilige Gees wat jou geloof so sterk kan maak in sulke ellendige omstandighede.

Is net in Suidelike Afrika wat jy skole afbrand omdat jy glo daar is te min skole of jy staak en breek jou werksplek af omdat jy 'n salarisverhoging wil hê. Maak nie sin dat jy verwoes en afbreek om meer te kry nie en tog gebeur dit daaglik. Ons as mense kan maklik op totaal verkeerde plekke gaan hulp soek as dinge moeilik gaan. Sommige wend hulle tot die reg in eie hande neem en ander wend hulle tot God vir hulp.

Job kom op 'n punt waar hy voel dit help nie om die regte goed te doen en aan God getrou te bly nie, want kyk net hoe sleg gaan dit met hom. Elihu spreek hom streng aan daarvoor. Elihu wys vir Job daarop dat dit net God is wat die moeilike dinge kan verander. God kan ons hoop gee in moeilike omstandighede. God het die vermoë om ons te verander, te herskep, in uiters moeilike omstandighede. God neem nie noodwendig die slegte omstandighede weg om ons te help nie, maar hy vat ons daar deur. Hy laat ons gewoon nie alleen nie. Hy dra ons as dit moet. Hy stel ons in staat om liedere te sing terwyl alles chaos om ons is.

Ons ervaar almal uiters moeilike omstandighede in sekere tye van ons lewe. Ons kan self besluit hoe ons op die probleme gaan reageer. Gaan ek geboue af brand en winkels plunder omdat ek te na gekom voel of gaan ek my op die Here se raad en hulp beroep? Gaan soek hulp by Hom wat jou so kragtig kan versterk en help dat jy lofliedere in die haglikste tronk omstandighede sing. Net by Jesus is dit moontlik. **Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy in alle omstandighede by Hom vir hulp sal aanklop.**

Here Jesus, help my om lofsange te sing as alles rondom my stik donker geword het. Dankie dat U my daar deur dra.

Gebedsaak:

1. Bid vir die St. Jovitha kleuterskool met sy 100 kinders asook juf Theresia Hega.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.
4. Bid vir ons regerings in Namibië en Suid Afrika dat God deur hulle manier van doen verheerlik sal word.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n koeler, natterige Kalahari
Smittie Kotzé

**Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.
As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.**



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Fax to E-mail: 088 652 1345

15 April 2018

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Hoe meer jy bid, hoe makliker word dit. Hoe makliker gebed word, hoe meer gaan jy bid. Moeder Teresa

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **God gebruik elke storm tot Sy eer en voordeel.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

362. dat jy Hom agter elke storm sal sien.

Lees: **Job 37: 1-13 "God stuur die storms of om te straf of om vir die aarde te sorg of om Sy liefde te toon."** (vers 13).

'n Klein dogtertjie staan voor 'n oop venster en kyk na die donder en blitse buite. Haar pa vra haar of sy nie bang is vir die swaar weer nie en dan kom die kinderlik opregte antwoord: Nee, ek is nie bang nie, want God is besig om foto's van my te neem. Sy het die elektriese storm as teken van God se liefde aan haar gesien. Iemand anders sou dieselfde storm dalk as iets verskrikliks beleef en iewers in 'n kas of gang ver van vensters gaan weg kruip en elke spieël sou met lakens bedek word uit vrees dat die spieël dalk die weerlig sal aan trek. Aan die anderkant sal die boer wat lank reeds bid vir reën dankbaar wees vir hierdie storm, want binne oomblikke sal die swaar swanger wolke hulle kosbare inhoud oor die droë gronde uit giet en dit beteken redding en lewe. Die geboorte van 'n nuwe vrugbare seisoen.

Elke mens ervaar die storms van die lewe op 'n ander manier. Selfs dood en trauma word deur elke mens op 'n ander wyse ervaar. Daarom is dit eintlik ondenkbaar dat jy ooit vir iemand wat deur 'n traumatiese ervaring gaan kan verseker dat jy verstaan hoe hy/sy voel. Jy kan nie presies weet nie want elke mens ervaar nood en dood anders. Emosies verskil. Ervaring verskil.

Elihu kom tot die gevolgtrekking dat elke storm in die lewe maar net 'n stukkie gereedskap in God se hand is. Dit is vandag nog waar. Of dit 'n fisiese storm in die natuur is of 'n geestelike storm waardeur jy emosioneel en psigies moet worstel. Elke storm is instrumenteel in God se hand. God kan siekte, dood of enige ander probleem tot Sy voordeel gebruik. Daar kan baie goed en mooi kom uit krisisse wat saam met God hanteer word. Die dood van een mens kan die lewe van 'n ander vir ewig ten goede verander. Ek sien in die afgelope week 'n getuigenis van 'n Moslem man wat Jesus vanuit die Koran ontdek. Ons sou dink hy kon Jesus net uit die Bybel ontmoet. God gebruik toe sommer die Moslems se eie Koran om die persoon se lewe te red. Is net God wat sulke dinge kan doen. **"God stuur die storms of om te straf of om vir die aarde te sorg of om Sy liefde te toon."** (vers 13).

Die ou Halleluja liedjie sê so mooi: As die lewensstorme woedend om ons slaan, en jy, gans ontmoedig, vrees om te vergaan - tel jou seëninge en jy sal verbaas wees oor wat God verleen! As jy ooit gebuk gaan onder sorg en pyn, as die kruis te swaar word en jou kragte klein - tel jou seëninge, dan vlug twyfel heen, en jy sien God se goedheid laat jou nooit alleen! **Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy Hom agter en dalk in elke storm sal sien.** Hy staan daar in die storm met oop uitgestrekte arms vir jou en wag om jou daar deur te dra. Die geheim is dat jy God moet vertrou om jou met elke lewens storm te help. Vertrou jy Hom genoeg? Meeste storms in die lewe is om jou te help om geestelik te groei. Stap saam met God. Hy sal jou help.

Here Jesus, dankie vir elke storm wat U in ons lewe stuur om ons geestelik te laat groei. Dankie dat U my daar deur dra.

Gebedsaak:

1. Bid vir die Pandureni kleuterskool met sy 30 kinders asook juf Maria Fatima Kameya.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.
4. Bid vir ons regerings in Namibië en Suid Afrika dat God deur hulle manier van doen verheerlik sal word.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n koeler, natterige Kalahari
Smittie Kotzé

**Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.
As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.**



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smittiez@vway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746
Amos Kantoor: amosnamibianews@gmail.com
www.amos.com.na
Tel: +264813749333
+26467235048

21 April 2018

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Gebed vergroot die hart, totdat dit God se geskenk van Homself kan bevat. Moeder Teresa

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **God begin by die begin met Job.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

363. dat jy Hom sal respekteer vir wie Hy is.

Lees: Job 38: 1-24 "Waar was jy toe Ek die aarde se fundamente gelê het? Praat as jy die antwoord het." (vers 4).

Wie van julle het al mooi opgelet as jy Ai-Ais toe ry hoe die berge lyk? Hulle is ru en rof en tog so wonderlik mooi met pienk rooskwarts wat bane vorm in die pik swart gesteentes. 'n Mens staan verstom net om daarna te kyk. Berge het nog-al die uitwerking op my dat ek soms wens ek was daar toe dit gevorm is. Dit moes 'n giet proses van formaat gewees het. Kragte ver bo ons begrip was daar teenwoordig. Ons was nie daar nie en kan daarom maar net dit wat ons waarneem probeer interpreteer in ons beperkte vermoë.

Tog hou ons ons nekke soms dik teenoor die Persoon wat wel daar was toe die dinge gebeur het. Job was totaal opgeslurp deur sy eie probleme. Dit het alles oorskadu op die stadium van sy lewe. Hy het verontreg gevoel oor alles wat so onregverdig met hom gebeur het. Daarom daag hy God uit om te verduidelik wat hier aan die gebeur was. Hy wil weet wat hy verkeerd gedoen het. Dan begin God met hom te praat vanuit 'n stormwind om sake in perspektief te stel. As Hy begin praat beseft jy Hy is nie jou speelmaat nie. Onbeskryflik! 'n Klas van Sy eie. God begin reg aan die begin met die skepping en Job het geen antwoord nie. **Job 38:33 "Weet jy hoe die hemelligame werk? Stel jy hulle invloed op die aarde vas?"** Hoeveel verstaan ons regtig van melkweë, sterrestelsels, planete, komete en sonnestelsels? Soos alle mense ken Job ook maar net ten dele. Job was oorweldig deur Sy teenwoordigheid. God antwoord nie sy vrae nie, maar wys hom op sy onkunde oor die orde in die natuur. Dit trek God deur na die geestelik orde wat Job ook nie verstaan nie. Job as jy nie eers die tasbare geskape werklikheid kan verstaan nie, hoe op aarde wil jy God se karakter verstaan? God is die maatstaf. Niks is hoër as Hyself nie. Moenie Hom bevraagteken nie. God is nie jou gelyke nie. Onderwerp jouself aan Sy gesag. Vertrou jouself aan Sy sorg toe. Al die magte in die natuur soos sneeu, hael, reën en storm wind is in Sy hand. Hy kan hulle loslaat of vashou soos hy wil. Job verstaan nie eers hoe hierdie eenvoudige natuurverskynsels werk nie, hoe sal hy presies weet hoe God funksioneer. Tog lees van ons elke week die sterretekens en sterrevoorspel in tydskrifte. Ons kies om ons vertrou en hoop op dit wat God geskep het te stel eerder as in die Skepper self. Die sterre is maar stofdeeltjies van God se groot skepping en ons dink die stofdeeltjies kan ons lewens beïnvloed en dalk verryk. Hoe dwaas kan ons slim mense tog nie wees nie. God kan wel ons lewens verander en ons

omstandighede beïnvloed. Verstaan jy hoekom kan die mens op 'n plek kom waar Hy God bevraagteken, want hy ag die sterre hoër as God self.

Ons kan gerus ook besef dat God nie ons speelmaat is nie. Ons is maar net stoffies in die groot heelal. Die skepsel kan nie sy nek dik maak teen die Skepper nie. Tog is Hy veskriklik lief vir ons volgens **Joh 3:16**. Volgens **Ps 139** is ons vir Hom so belangrik dat Hy alles van ons af weet en ken. Nie eers jou bene is vir Hom verborge nie. In die Nuwe Testament verseker Hy ons dat selfs die hare op ons koppe getel is. Wil jy Hom regtig bevraagteken of onder kruisverhoor neem? **Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy Hom sal respekteer vir wie Hy is.** God se wil vir jou is dat jy jouself aan Sy gesag sal onderwerp en dat jy Hom deurgaans sal vertrou. Jy het die voorreg om Hom persoonlik te ken. Jy het die voorreg om deur Hom verlos te wees. Jy het die voorreg om te sing: My Pa is die Koning van die heelal, jy weet...

Here Jesus, wat 'n voorreg dat U met ons bemoeienis maak en dat U ons ken en ons wil red. Dankie dat ek u Vader en Verlosser kan noem.

Gebedsaak:

1. Bid vir die Hill Christ Christian School met sy 30 kinders asook juf Margret Hiakera .
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.
4. Bid vir ons regerings in Namibië en Suid Afrika dat God deur hulle manier van doen verheerlik sal word.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n koeler, natterige Kalahari
Smittie Kotzé

**Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.
As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.**



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smittiez@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746
Amos Kantoor: amosnamibianews@gmail.com
www.amos.com.na
Tel: +264813749333
+26467235048

28 April 2018

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Daar is net een pad wat na God lei, en dit is gebed. As iemand vir jou 'n ander pad wil wys, weet dat jy bedrieg word. Teresa van Avila

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens Sy wil vra" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **God is in beheer.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

364. dat jy in alle omstandighede sal weet die Here regeer, Hy is in beheer.

Lees: Job 40: 10-19 Kyk die seekoei: Ek het hom gemaak toe Ek jou gemaak het." (vers 15).

As Job verontreg voel begin hy om vrae aan God te stel. Hy daag God basies uit om die onreg aan hom te verduidelik en dan antwoord God hom met: "Waar was jy toe Ek die aarde se fundamente gelê het?" Job 38:4. "Wie wil aan My eise stel dat Ek iets aan hom verskuldig is? Alles onder die hemel behoort aan My." (Job 41:11) Job beseft dat God nie sy speelmaat is nie. God is in 'n ander klas en dan raak Job stil lees ons in Job 39:37 "Ek sal liever stil bly." Die 1933 vertaling sê: "Ek lê my hand op my mond." Job beseft dat die debat een verloorde gaan hê en dit gaan nie God wees nie. Hy doen die wyse ding deur terug te staan. Teen ons groot God kan 'n mens nie staan nie. Ons het geen regte voor Hom nie. Ons is net skepsels van hierdie groot God. Ons is 'n stoffie in die groot heelal. God is selfs nie vir die krokodil bang nie lees ons in Job 41. As God vir hom begin vrae vra beseft Job dat daar orde in die skepping is. Hy beseft God is in beheer en Hy regeer. Hy beseft ook dat God vir hom sorg en in elkeen van sy behoeftes voorsien. Toe sê Job: "Ek lê my hand op my mond."

Alles wat bestaan is aan God te danke. Ons leef uit genade. Ons dien Hom en nie Hy vir ons nie.

Soek God sodat jy in jou eie lewe Hom kan leer ken soos wat Hy regtig is. Jy sal ook soos Job verbaas, met jou hand op jou mond, staan oor wie Hy regtig is. "Kyk die seekoei: Ek het hom gemaak toe Ek jou gemaak het." (Job 40:10). Seekoei is seker die gevaarlikste landdier en nogal familie van die walvis reken die slim mense. God praat so oor die seekoei: "Daar is krag in sy liggaam, die spiere in sy lyf is sterk" (vers 11) en "Onder alles wat Ek gemaak het, staan hy eerste, net sy Maker kan hom verslaan" (vers 14). Job moet onthou soos wat God die seekoei gemaak het het Hy ook vir Job gemaak. Soos wat Hy vir die seekoei sorg sorg Hy ook vir Job. Tog het God die mens oor die diere, ook die seekoei, aangestel volgens Gen 1:26.

Die mens kan wel doodgemaak word deur die seekoei oor wie hy aangestel is. Net God kan die reuse seekoei tem.

So is daar ook daaglikse uitdagings wat groot en ontembaar lyk. Job het sulke vreeslike uitdagings ervaar toe hy sy vrae aan God gestel het. Job moes leer dat net God hierdie situasie waarin hy is kan tem, soos net Hy die seekoei kan tem. Wil jy nie maar jou groot, onstuitbare en ontembare uitdagings na God toe vat nie? God kan jou probleme tem. Vertrou Hom. **Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy in alle omstandighede sal weet die Here regeer, Hy is in beheer.**

Here Jesus, ons aanbid die enigste groot lewende God. Ons besef dat U regeer en in beheer is.

Gebedsaak:

1. Bid vir die House of love kleuterskool met sy 25 kinders asook juf Anna Linyando.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.
4. Bid vir ons regerings in Namibië en Suid Afrika dat God deur hulle manier van doen verheerlik sal word.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n koeler, bietjie groen Kalahari
Smittie Kotzé

**Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.
As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.**



AMOS GEBEDSBRIEF

deur: Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@rway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746
Amos Kantoor: amosnamibianews@gmail.com
www.amos-com.na
Tel: +264813749333
+26467235048

6 Mei 2018

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Daar word meer tranes gestort oor beantwoorde gebede as oor die gebede wat nie beantwoord is nie. Teresa van Avila

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens Sy wil vra" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Ontmoet God vir wie en wat Hy is.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

365. dat jy Hom sal ontmoet en persoonlik leer ken as die Gans Andere.

Lees: Job 42: 1-8 "Tot nou toe het ek net gehoor wat mense van u sê, maar nou het ek U self gesien, en nou verag ek myself..." (vers 5,6).

Jy kan God op die hoorsê manier leer ken en ek kan jou waarborg dit sal nie jou lewe raak en in diepte verander nie. God sal een of ander onpersoonlike veraf iemand vir jou wees. Of jy kan Hom natuurlik self ontmoet soos Paulus op die Damaskus pad en dié ervaring kan ek jou verseker sal lewensveranderend wees. Hy sal naby jou kom en jy sal Hom ontdek as Vader, Vriend, Verlosser, Heelmaker en die God van tweede kanse.

Die vraag is: **hoe ken jy God?** Ek hoor mense praat van die *Ou kêrel, Ou toppie of Oubaas* daarbo. Hierdie manier van God beskryf gee my koue rillings en is beslis nie gevul met respek en agting nie. God is niemand se Ou kêrel nie. Hierdie siening of manier van praat is seker gebore vanuit die vader Krismis gedagte dat alle foute oorgesien word en dat daar geskenke aangedra word en dat hy tevrede is met 'n beker koffie en 'n gemmer koekie. Dit is natuurlik die duiwel se manier om die fokus weg te neem van wie en wat God regtig is. Ander ouens sien God as 'n *veroordelende Regter*. Hierdie siening is gewoonlik gegrond in ervarings uit jou verlede. Dit word gewoonlik gekoppel aan die siening wat jy van jou eie aardse pa het. Hy is dalk onredelik kwaai en met min wat jy doen tevrede. Ander sien Hom as die *goedige Oupa* op wie se skoot jy kan gaan sit en met wie jy kan speel en wat maar te gewillig is om jou opdragte uit te voer en jou te gee wat jy vra. Al hierdie uitsigte op God is gebore vanuit die hoorsê manier van God leer ken of moet ons sê die hoorsê manier van hoor van God, sonder enige persoonlike ervaring. Dit getuig nie van 'n persoonlike intieme ontmoeting en leer ken nie. Dit getuig nie van verhouding nie. As jy God self ontmoet soos Paulus, Petrus, Johannes en Jakobus sal daar 'n diep erkenning en belewenis van God se karaktertrekke soos in die Bybel geskets wees wat vir jou uit staan. Sy beeld sal binne in jou begin opstaan. Jy sal soos Jesus word want Hy gee af op jou. Vanuit 'n intieme verhouding met Hom sal jy Hom leer ken as die God van genesing

en regverdigheid en verlossing en vrede en liefde en oorwinning ens. ens. Hy sal nie die Ou kêrel of Vader Krismis of wat ook al wees nie. Hy sal die Asemrowende en Onbeskryflike vir jou wees.

Job het in 'n mate gedink dat hy vir God ken. Hy het God as onregverdig beleef, as 'n tipe boelie wat Hom daarin verlekter om hierdie slegte goed oor hom te bring. Mense is nogal geneig om hulle geloof te verloor en baie opstandig te word as slegte dinge met goeie mense gebeur. Hoe durf 'n liefdevolle Vader sulke wrede dinge toelaat? Ek is dan so 'n goeie mens. Hoe durf God? Ons vra ook baie keer as God dan in beheer is en liefdevol is hoekom lyk dit in die wêreld soos dit lyk?

As jy God persoonlik leer ken en 'n intieme verhouding met Hom het sal jy besef dat Hy nie die Skepper van chaos en wanorde en wrede moorde is nie, maar dat hierdie dinge gebore word in mense se bese harte wat geen verhouding met Hom het nie. Bese harte en natuurlik die duiwel wat wil verwoes en vermink is die outeurs van hierdie booshede. As jy God persoonlik leer ken en 'n intieme verhouding met Hom het sal Sy Woord vir jou belangrik wees en sal ervarings wat jy met Hom het vir jou kosbaar wees, want dit gee 'n klein beskrywing van Hom. Hierdie belewenisse en ervarings sal jou geestelike lewe rig en jou geloofsvoete stewig in God se grond anker. Ons sal ontdek soos ons Hom beter leer ken dat Hy anders as ons is. Ons kan niemand of niks met Hom vergelyk nie. As Moses Hom op die berg ontmoet bedek hy sy gesig en staan in 'n rotsskeur dat God kan verby gaan. As Gideon Hom leer ken stuur Hy duisende soldate huis toe en hou driehonderd oor en verslaan die vyand dan met kruike en fakkels. As Josua Hom leer ken stap hulle klomp kere om 'n muur en blaas op 'n ramshoring en die mure tuimel in mekaar. Die vyand val letterlik in hulle skoot. As Paulus Hom leer ken op die Damaskus pad staan hy verblind in die grootsheid van hierdie Jesus. **Hoe ken jy vir God? Om Hom te ken is genade. As Hy Hom aan jou fisies openbaar is jy besonder geseënd. Dit is genade dat ons ons sonde ontdek en kan bely. Dit is besondere genade dat ons Sy Gees in ons lewens het en dat ons geloof in Jesus kan hê. Dit is groot genade dat Hy ons verlos, vergewe en as Sy kinders aanneem.**

Moenie net tevrede wees om van God te hoor nie. Leer ken Hom persoonlik. Buig voor Hom in gebed. Bestudeer Sy Woord. Wandel in geloof met Hom. Doen moeite met Hom. Jy sal in verwondering staan oor wat en wie jy ontdek. Veel meer as veroordelende regter of ou kêrel of oupatjie of selfs die stomme Kersvader. Ek kan nie dink dat die mensdom God wil verskraal tot een of ander karikatuur nie. Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy Hom sal ontmoet en persoonlik leer ken as die Gans Andere.

Here Jesus, Almagtige God dankie dat ek U persoonlik kan leer ken en dat ek 'n asemrowende God kan ontdek.

Gebedsaak:

1. Bid vir die St Jovitha kleuterskool met sy 30 kinders asook juf Johanna Ndoni.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.
4. Bid vir ons regerings in Namibië en Suid Afrika dat God deur hulle manier van doen verheerlik sal word.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n koeler, bietjie groen Kalahari
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993. As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitinz@vway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746
Amos Kantoor: amosnamibianews@gmail.com
www.amos.com.na
Tel: +264813749333
+26467235048

13 Mei 2018

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Geestelike gebed is eenvoudig om in 'n vriendskap met God te staan en gereeld met Hom in gesprek te wees. Teresa van Avila

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **God moet werk in elke gemeente.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

366. dat jy Hom sal toelaat om in jou gemeente en gemeenskap te werk.

Lees: 1 Tessalonisense 1:1-10 " In baie moeilike omstandighede het hulle die Woord aangeneem met 'n blydskap wat van die Heilige Gees kom." (vers 6).

Ons lees in **Hand 17:1-9** hoe hierdie gemeente ontstaan het. Paulus begin die gemeente en na 'n kort tydjie word hy uit die stad gejaag. Hy het min tyd gehad om met hulle te spandeer en hulle te help om sterk in die geloof te groei en te staan. Hy is hulle geestelike vader en voel dat hulle nie gereed is om geestelik selfstandig te staan nie. Hy is bekommerd oor die groepie jong gelowiges wat hy inderhaas moes agterlaat. Daarom stuur hy vir Timoteus terug na hulle om vas te stel hoe dit regtig met hulle gaan. Timoteus se verslag is baie bemoedigend. Hierdie brief is Paulus se reaksie op die goeie nuus wat hy van Timoteus oor die gemeente ontvang het. **"En julle het ons voorbeeld gevolg en volgelinge van die Here geword..." (1 Tes 1:6). "So het julle 'n voorbeeld geword vir al die gelowiges in Masedonië en Agaje" (1 Tes 1:7).**

Hulle was voorbeeldig, maar omdat hulle jong gelowiges was het sekere dinge in hulle geloofslewe ontbreek en daarom skryf Paulus die brief aan hulle. Hy wou hulle nog verder toerus. In hierdie eerste tien verse dank Hy God vir hulle, want hulle was ware kinders van God. Die werk van hulle geloof staan uit, ook die inspanning van hulle liefde, asook die volharding van hulle hoop (**verse 5-10**). Hulle woorde en daad het ooreengestem, daarom staan die werk van hulle geloof uit. Hulle het die Evangelie met 'n geestelike krag verkondig. Die Heilige Gees het saam met hulle gewerk en daarom kon hulle in uiters moeilike omstandighede die evangelie met blymoedigheid verkondig. Hulle het God se liefde in hulle lewens sigbaar laat word. Hulle woorde en daad het van Sy liefde getuig. Jou liefde vir verlore gaande mense getuig dat God se liefde in jou heers. Hulle hoop was op Jesus. Hulle het geglo dat Sy beloftes waar sal word. Hulle het met geloofsekerheid gelewe. Hulle het gereed gelewe omdat hulle as gemeente geglo het dat Hy enige oomblik kan terugkom.

As 'n mens na hulle omstandighede kyk en hoor wat word van hierdie jong gelowiges getuig moet een ding waar wees, God was daar aan die werk. Vlg **1 Tes 1:4,5** het hulle die boodskap van die Evangelie

heelhartig aanvaar. Die Heilige Gees het vir hulle blydschap gegee wat nie van omstandighede afhanklik was nie. Terwyl hulle vervolgt word en verag is volg hulle slaafs die voorbeeld van die apostels, maar meer nog hulle word 'n voorbeeld vir die hele Noord Griekeland.

Hierdie gemeente het beslis nie vir hulle self gelewe nie. Hulle geloof was in God geanker. Hoe is dit met ons? Ons gebruik baie keer die kerk net vir ons eie gerief. Ons doop, katekiseer, trou en word begrawe vanuit die kerk. Ds moet asb preek wat ons wil hoor en verkieslik nie oor 'n uur nie. Ons wil soms ook besluit wie welkom is in ons kerkgebou of gemeente lewe, want my oupa was mede stigter van die kerk en het 'n bydra tot die boufonds gelewer. Ons getuigenis is flou en die voorbeeld wat baie gemeentes stel is net na binne gerig en fokus net op ons self. Dis eintlik van nul en geen waarde vir die Koninkryk. Staan God regtig aan die spits van sake in so 'n gemeente? Vir die Tessalonisense het alles om Christus gedraai en nie om hulle self nie. Hulle was bereid om op te offer sodat die wêreld van Jesus kon hoor. Hulle was 'n pragtige voorbeeld van sterf aan die self en stel God in die sentrum van alles.

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy Hom sal toelaat om in jou gemeente en gemeenskap te werk. Jy moet in voorbeeld, geloof, liefde en hoop saam met God werk sodat Hy deur jou woorde en daade verheerlik kan word. Hoe lyk jou gemeente se voorbeeld? Is jy en jou mede gemeentelude se geloof aansteeklik?

Here Jesus, ek bid dat ek en my gemeente 'n dinamiese getuigenis vir die ganse wêreld sal wees.

Gebedsaak:

1. Bid vir die Christ Love Ministry kleuterskool met sy 28 kinders asook juf Maria Nkaira.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.
4. Bid vir ons regerings in Namibië en Suid Afrika dat God deur hulle manier van doen verheerlik sal word.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrieff...

Amosgroete vanuit 'n koeler, bietjie groen Kalahari
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993. As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smittinz@wvay.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746
Amos Kantoor: amosnamibianews@gmail.com
www.amos.com.na
Tel: +264813749333
+26467235048

20 Mei 2018

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Vir my is die gebed 'n opkyk na die hemel, 'n uitroep van dankbaarheid en liefde, uit my nood ewe goed as uit my vreugde. Dit is iets groots, dit verruim my siel, dit verenig my met Jesus. Therese van Lissieux

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens Sy wil vra" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Jou gewone daaglikse werk is vir God.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

367. dat jy Hom daagliks in jou werk sal verheerlik as voltydse "evangelis".

Lees: 1 Tessalonisense 2:1-16 "Ons prediking berus immers nie op dwaling nie, kom ook nie voort uit onsuiver beweegredes nie en is sonder enige bybedoelings." (vers 3).

Ek lees nou die dag 'n ope brief wat een van Julius Malema se vriende aan hom skryf waar hy beweer dat hy politiek gekies het as loopbaan toe hy nie sy hande op die staatskas kon kry nie. Vreeslike aantyging en sou dit waar wees is dit verskriklik. Klompie jare terug is daar 'n ondersoek onder die Amerikaanse publiek oor geloofwaardigheid gedoen. Die eerste vraag was: **Wie is die mees ongeloofwaardige mens/mense of groep in die VSA?** Die publiek het TV Evangeliste as die mees ongeloofwaardige groep mense aangewys. Skokkend dat mense die Evangelie so kan kaap of misbruik dat 'Jan Publiek' deur hul skyn sien en weet dat die blink lewe eintlik bedrog is. Tog word honderd duisende daardeur gevang. Is natuurlik ook vanaf Amerika dat die hele welvaartsteologie kom. Kinders van God mag nie arm of selfs middelklas wees nie. Is dit dalk hoekom die ouens privaat stralers besit? Die tweede vraag was: **Wie is die mees geloofwaardige persoon in die VSA?** Die antwoord was Billy Graham. Hy is ook 'n TV Evangelis. Maar daar is egtheid gevind. Sy fokus was nooit welvaart en die uitbuit van Geestelike behoeftiges nie, maar juis die versorging van hulle gees. Sy fokus was afhanklikheid van Jesus. Ds Attie van Wijk vertel dat in sy tyd by Bybelkor hy baie briewe uit tronke gekry het waar gevangenes vra: **Hoe kan ek 'n kerk stig as ek uit die tronk kom?** Omrede hulle bang is dat hulle nie werk sal kry nie. Na 'n paar Bybelkor kursusse is die ouens se hoop op inkomste om 'n kerk te stig. 'n Maklike of seker manier om geld te maak volgens hulle.

Paulus sien nie die lewe so nie. Hy vra niks van die nuwe gemeentes wat hy stig of plant nie. Volgens vers 9 maak hy tente vir 'n inkomste en jy lees ook nie dat die dissipels miljoenêrs uit die evangelie geword het nie. Ons lees wel dat Paulus tevrede was met wat hy gehad het. Hy was vergenoeg gewees, ten spyte van die verskriklike vervolging en teenstand wat hy moes verduur (vers 2). Sy hele bediening was gebou op omgee en liefde vir mense (vers 8). Sy bediening was nie geskoei op eie gewin nie, want God het hom geroep en toegerus vir sy werk (vers 4). Volgens vers 5 en 6 het hy nooit eer of geld gesoek nie. God se Koninkryk moes gedien word, nie sy eie nie.

Kom ons vergeet bietjie van Paulus en die geloofwaardige en ongeloofwaardige TV Evangeliste. Aan wie dink jy as daar gepraat word van mense wat voltyds in diens van die Here staan? Jou dominee, pastoor, Oom Angus, sendeling in 'n ver land of ander predikers op radio of TV? Sluit jy jousef dadelik in by Evangeliste wat voltyds vir die Here werk? Of sluit jy jousef gerieflikheidshalwe uit? Jy maak 'n fout. Jy is voltyds in diens van Jesus soos Paulus of die sendeling in 'n baie ver land al is jy 'n winkelier, boer of prokureur. Jy is voltyds in Jesus se diens. Maak by Jesus seker watter rol jy as voltydse evangelis-boer of evangelis-tuinwerker of evangelis-sakeman gaan speel in die uitbreiding van Sy koninkryk. Jou daaglikse werk is diens aan God. As dit nie so is nie sal jy moet selfondersoek doen. Dit is natuurlik ook so dat diens aan God onvermydelik tot vervolging lei. Weet maar dat jy waar jy werk teenstand sal kry as jy in alles vir Jesus staan. Is jy bereid om te ly ter wille van God se saak? Vir watter redes dien jy vir Jesus?

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy Hom daaglik in jou werk sal verheerlik as voltydse "evangelis".

Here Jesus, gebruik my in U diens soos wat u beplan het. Help my om U vir die regte redes te dien en help my om op te staan vir U as boer.

Gebedsaak:

1. Bid vir die Mercy talk kleuterskool met sy 19 kinders asook juf Martina Makena.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.
4. Bid vir ons regerings in Namibië en Suid Afrika dat God deur hulle manier van doen verheerlik sal word.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n koeler, bietjie groen Kalahari
Smittie Kotzé

**Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.
As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.**



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smittinz@wvay.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746
Amos Kantoor: amosnamibianews@gmail.com
www.amos.com.na
Tel: +264813749333
+26467235048

2 Junie 2018

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Elke gebed moet aan twee vereistes voldoen: ek moet weet met wie ek praat en ek moet weet wie ekself is. Helmut Thielicke

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens Sy wil vra" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Geloof is duur.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

368. dat jy 'jou' geloof sal toelaat om jou uit jou gemaksonne te neem.

Lees: 1 Tessalonisense 3:1-13 "Omdat julle vas staan in die Here, leef ons nou weer werklik." (vers 8).

Baie Christene word wêreldwyd verskriklik vervolg. Wrede dinge word aan hulle gedoen. Meer as 600 miljoen Christene word verdruk as gevolg van hulle geloof. 'n Moslem pa is bereid om sy seun of dogter en kleinkinders te vermoor as hulle die Christelike geloof aanvaar het. Hoe siek kan die duivel mense maak? Christene in Moslem en kommunistiese lande verloor letterlik alles as hulle Jesus as verlosser aanvaar. Ek hoor van 'n Christen gemeenskap wat op die asgate buite 'n groot stad bly en die rommel verwerk en selfs eet, want dis al plek waar hulle nie vervolg word nie. Dit omdat hulle lief is vir Jesus. Ons lees ook dat die Tessalonisense volhard het tot elke prys. Dit het vir Paulus baie opgewonde gemaak dat hierdie jong gelowiges so vas gestaan het in Jesus. Paulus kon nie eers baie tyd by hulle spandeer en seker maak dat hulle geestelik gereed is om op hulle eie aan te gaan nie, omdat hy skielik verdryf is uit die stad. Hy moes vlug vir sy lewe.

Die teken van ware geloof is dat ander mense die liefde van Christus in ons kan sien. Ware geloof word ook gekenmerk deur standvastigheid. Volhard standvastig op die pad van die Here. Wat dink julle is die grootste bedreiging vir ons Christelike geloof? Vervolging of gerief/gemaksonne? 'n Sendeling sê een keer vir 'n pastoor van 'n gemeente in China wat erge vervolging ervaar dat hulle bid vanuit die Westerse kerk dat die vervolging sal stop en dat die Christene vrylik en sonder vervolging vir Jesus kan aanbid. Die Chinese pastoor het skokkend gereageer. Nee, die vervolging moet nooit stop nie. Dit hou ons naby Jesus. Ons kerke groei. Die pastoor reageer verder met: ons bid dat die Westerse kerk vervolging sal ondervind sodat hulle Christene intimiteit en ware verhouding met Jesus kan smaak. Ek het ook gehoor van 'n ander pastoor uit die vervolgte kerk wat vir sendelinge gesê het dat die Westerse kerke stagneer omdat hulle geestelike boeke lees en die Bybel afskeep. Kom ons wees maar eerlik. Die meeste van ons gaan Sondae kerk toe en dit verander nie 'n snars aan ons lewe nie. Baie kerkmense gaan net kerk toe om hulle gewetens te sus.

Gerief en gemaksones is 'n baie groter gevaar vir die Christendom as vervolging. Dit gaan te goed met ons. God word as 'n spaarwiel gebruik net as jy Hom nodig het. Hy is jou nood apteek. Gebruik Hom net indien ernstig nodig. As dit goed gaan vergeet ons van God. Net daar oorval versoekings jou. **Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy 'jou' geloof sal toelaat om jou uit jou gemaksones te neem.** As jou geloof jou nie 'n prys kos nie is dit nie ware geloof nie.

Here Jesus, dankie dat U ons geestelik versterk. Help my om standvastig in my geloof te wees en u te verheerlik met my lewe wat getuig dat ek aan u behoort.

Gebedsake:


1. Bid vir die Nimrod Moremi kleuterskool met sy 15 kinders asook juf Cecilia Semete.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.
4. Bid vir ons regerings in Namibië en Suid Afrika dat God deur hulle manier van doen verheerlik sal word.
5. Bid dat die vervolgte kerk sterk in hulle geloof sal staan.
6. Bid dat die gebedsbrieff mense geestelik sal versterk en aan raak.
7. Bid ook dat die Kolskoot boodskappies op Kanaal sewe wyd en syd die kol sal tref.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrieff...

Amosgroete vanuit 'n koeler, nog nie doodgeryppte bietjie groen Kalahari
Smittie Kotzé

**Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.
As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.**



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smittinz@wvay.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746
Amos Kantoor: amosnamibianews@gmail.com
www.amos.com.na
Tel: +264813749333
+26467235048

9 Junie 2018

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

'n Mens kan die Onse Vader slegs tot eer van God bid as jy dit terselfdertyd teen jouself bid.

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**"(1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Wys jou lewe die verskil.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

369. dat jou lewe sal wys dat jy aan Jesus behoort.

Lees: 1 Tessalonisense 4:9-12 "Laat dit vir julle 'n saak van eer wees om rustig te lewe, julle met julle eie sake besig te hou en self in julle lewensonderhoud te voorsien, soos ons dit aan julle voorgehou het" (vers 11).

Ons is in Afrika gewoon aan verkiesingsveldtogte waar plase, motors, yskaste, huise en selfs tjekboeke aan kiesers belowe word. Stem net vir my en jy sal sien hoe die hemel op jou neer daal. Hoe groter die beloftes hoe beter is die party. Die regte party word nie aan uitvoering van take en goeie regering gemeet nie maar aan hoe groot en goed die beloftes is. Hierdie 'leë' beloftes skep 'n bakhand mentaliteit wat maak dat mense vir jare sit en niks doen nie want daar is vir hulle belowe. Nou word strate, winkels en karre verbrand en mense verloor hulle lewens want die beloftes word nie vervul nie. Mense wat wag op hierdie sinnelose beloftes verstaan nie dat elke mens 'n verantwoordelikheid het om in sy eie behoeftes te voorsien nie.

Paulus waarsku die Tessalonisense ook teen hierdie sit en wag mentaliteit. Van hierdie jong gelowiges was so seker dat Jesus binnekort sal kom dat hulle gesit en wag het. Hulle het niks gedoen en niks nuuts aangepak nie want Jesus kom dalk sommer môre. Los jou werk en sit bakhand en wag vir ander se gunste en gawes want Jesus kom vinnig.

Paulus wil hulle help om die lewe in perspektief te sien. Leef jou getuienis totdat Jesus weer kom. Christene leef heilig, met goeie sedes en werk so dat jy God eer terwyl jy wag op Sy wederkoms. Wees getrou aan jou lewensmaat, dit getuig van ware geloof. Om liefde onder mekaar in die gemeente en in jou werkplek te leef getuig ook van ware geloof. Gee om vir mekaar. Ondersteun mekaar. Maar die derde manier om jou eerbare leefwyse te demonstreer is deur die manier waarop jy jou werk doen. Deur goeie werk te lewer, sorg ons vir ons self, maar dit dwing ook die agting van die mense buite die gemeente af. Goeie raad wat hy aan hulle gee.

As die gelowiges in Tsalonissense hulle stad vir Jesus wou wen sou hulle hulle tot uitnemendheid moes verbind. Hulle sou in vrede met ander moes leef, betaal wat hulle skuld en hulle werk met absolute integriteit doen. Hulle sou deur hulle daaglikse handel en wandel die respek van die stad moes verwerf.

Ongelowiges kyk na ons verhoudings met ons huweliksmaats, vriende, gesinne, na die liefde wat ons uitstraal, maar ook na die werk wat ons lewer. Ons totale leefwyse is een groot getuie. Wys jou leefwyse aan wie jy behoort? **Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jou lewe sal wys dat jy aan Jesus behoort.**

Here Jesus, help my dat my hele lewe getuig dat U my Verlosser en saligmaker is.

Gebedsaak:

1. Bid vir die Rundjarara kleuterskool met sy 20 kinders asook juf Innocentia Shinkanda.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.
4. Bid vir ons regerings in Namibië en Suid Afrika dat God deur hulle manier van doen verheerlik sal word.
5. Bid dat die Amos gebedsbriewe mense geestelik sal versterk en hulle lewens sal verryk.
6. Bid ook dat die Kolskoot boodskappies op Kanaal sewe wyd en suid die kol sal tref.
7. Ons bid die week vir Afganistan. (Hier volg bietjie inligting wat jou visie kan verbreed.)

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbriewe...

Amosgroete vanuit 'n koeler, nog nie doodgerypde bietjie groen Kalahari
Smittie Kotzé

**Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.
As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.**



My Wêreld: AFGANISTAN

Interessante in Afganistan:

Afganistan is 'n bergagtige land wat in Sentraal-Asië geleë is. Kaboel is die hoofstad en daar bly ongeveer 35 miljoen mense in Afganistan. Afganistan is een van die moeilikste en gevaarlikste lande vir 'n vrou om in te woon. Die algemene gebruik op die platteland is dat meisies op 12 reeds verloof raak en op 16 trou. Die Afgane se stapelvoedsel is 'Naan', 'n plat stuk deeg wat in 'n vuur- of gasoond gebak word. Die hele familie woon gewoonlik saam in een huis en elke vertrek huisves een gesin.

Vervolging van Christene in Afganistan:

Daar is 0,3% Christene in Afganistan en 99,7% van die bevolking is Moslems. Afganistan is 'n Islam staat en Christenskap word as 'n vreemde geloof gesien. Die vervolging van Christene is geweldig hoog en as gevolg van dit is Afganistan 2de op die wêreldwaarnemingslys. Moslems wat tot bekering kom word doodgemaak sodra hulle uitgebreide families daarvan bewus raak. Hulle verloor ook hulle reg tot die besit van eiendom en besittings. As gevolg van hierdie geweldige vervolging hou die meeste Christene hulle geloof geheim. Christene wat wel die evangelie deel waag alles en hulle stel ook die mense aan wie hulle die evangelie deel se lewens in gevaar.

3 Gebedspunte:

1. Bid dat God die Christene se geloof sal versterk om vas te staan ten spyte van die geweldige vervolging en die druk wat op hulle geplaas word.
2. Bid dat die Here die klein hoeveelheid Christene wat uit Islam bekeer het sal beskerm.
3. Bid vir vrede en stabiliteit in Afganistan en dat daar 'n groter verdraagsaamheid teenoor Christene sal wees.

Werner Groenewald wat in Afganistan vermoor is omdat hy die evangelie daar verkondig het, het die volgende gesê voor hy vermoor is: *“Ons sterf net eenmaal, dit kan net sowel vir Jesus wees.”*

Vir meer inligting of as u dalk die Christene wat vervolgt word wil ondersteun, kontak Martelare vir Christus by 061-272009 of e-pos by info@martyrsforchrist.com.na





AMOS GEBEDSBRIEF

deur: Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smittiez@wvay.na
Tel: 063 250 180 081 250 0746
Amos Kantoor: amosnamibianews@gmail.com
www.amos.com.na
Tel: +264813749333
+26467235048

16 Junie 2018

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

En wie nog nie geleer het om hierdie 'Ons Vader' gebed uit die dieptes van berou te bid nie, het nog glad nie gebid nie. Helmut Thielicke

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens Sy wil vra" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Lewe daaglik die Lig!**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

370. dat jou lewe daaglik die Lig sal weerspieël.

Lees: 1 Tessalonisense 5:1-11 "Julle is tog almal mense van die lig, mense van die dag; ons is nie van die nag of die duisternis nie." (vers 5)

As ons weet van enige gevaar wat buite in die donker lê en wag om toe te slaan sal ons beslis nie vergeet om ons deure te sluit nie. Maar nou dink ons mos nie soos kriminele nie en daarom word ons naïwiteit beloon met ontnugtering en baie seer. Diewe, rowers en moordenaars gebruik ook oop deure. Ons moet altyd gereed en paraat wees.

Wanneer moet 'n mens tot bekering kom? Vra iemand eendag. Die antwoord was verrassend maar te wagte: Een dag voor jy sterf. Soos wat jy nie weet wanneer die rowers gaan toeslaan nie, so weet jy ook nie wanneer jy gaan sterf nie. Maak vandag jou saak met Jesus reg.

Jesus gaan terug kom op 'n dag dat jy dit nie verwag nie. **1 Tes 5:2** "Julle weet self maar alte goed dat die dag van die Here onverwags kom soos 'n dief in die nag." Op die dag van die Here sal daar altyd straf en seën wees. Straf vir die ouens van die nag. Seën vir die ouens van die lig. Wees elke dag gereed. Trek elke dag die wapenrusting van **Ef 6:13-17** aan. Moenie met jou ewige tuiste speel nie. Daardie verwyd van te laat wees sal jy nie gedra kry nie. Leef elke dag asof dit jou laaste dag is. Miskien vandag! Leef vandag voluit en doen jou werk tot eer van die Here. Praat, dink en doen alles asof dit jou laaste is. Hy weet volgens **Ps 139** in elk geval alles van ons af. Niks van ons verras Hom nie. Skynheiligheid is nooit 'n goeie opsie nie. Ons is mense van die lig. Kom ons leef soos mense van die dag.

Kom ons bemoedig mekaar om deursigtig te leef. Leef in die lig. Herinner my asb om altyd die lig te kies. Sien raak as iemand moedeloos raak en help met positiwiteit en inspirasie. Kom ons dra mekaar se laste as dinge te veel raak.

Moenie die dinge van die nag en die geheime dinge doen nie. Alles wat jy in die nag doen sal eendag aan die lig kom. Sonde haal jou altyd in. Is jy iemand van die lig of die donker?

Here Jesus, help my om altyd in U lig te lewe.

Gebedsaak:

1. Bid vir die happy kids kleuterskool met sy 20 kinders asook juf Chresentia Hausiku.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.
4. Bid vir ons regerings in Namibië en Suid Afrika dat God deur hulle manier van doen verheerlik sal word.
5. Bid dat die Amos gebedsbrief mense geestelik sal versterk en hulle lewens sal verryk.
6. Bid ook dat die Kolskoot boodskappies op Kanaal sewe wyd en suid die kol sal tref.
7. Ons bid die week vir Nigerië. (Hier volg bietjie inligting wat jou visie kan verbreed.)



MARTELARE VIR CHRISTUS 'n Stem vir die Vervolgde Christene

NIGERIË

INTERESSANTHEDE:

Met 'n bevolking van sowat 184 miljoen is Nigerië die digst-bevolkte land in Afrika en die sewende digst-bevolkte land in die wêreld. Daar word dikwels na Nigerië as die 'Reus van Afrika' verwys, oor sy groot bevolking en ekonomie. Die land word ook as 'n multi-nasionale land gereken, met sy meer as 500 etniese groepe.

Die amptelike taal is Engels. Naas Hollywood (Verenigde State) en Bollywood (Indië) het Nigerië (Nollywood) die grootste filmbedryf ter wêreld. Ongeveer 200 Nollywood flieks word weekliks vervaardig.

Daar is 152 geakkrediteerde universiteite in Nigerië en die universiteite ontvang oor die 1 miljoen aansoeke per jaar.

VERVOLGING VAN CHRISTENE:

Nigerië is 14de op die Wêreld waarnemingslys wat vervolging aanbetref. Net in hierdie jaar is 429 Christene doodgemaak vir hulle geloof in Nigerië. Populasie is 192 Miljoen – 89 miljoen Christene

3 Gebedspunte

- Kom ons bid vir die beskerming van die Nigeriese Christene, veral Christen meisies wat die gevaar staan om ontvoer te word en forseer word om met 'n Moslem man te trou.
- Bid vir die duisende Christene wat gevlug het as gevolg van die geweldadige aanvalle van veral Boko Haram en die Muslim Fulani.
- In die noorde van Nigerië word die Christen-families verwaarloos en het hulle baie keer nie skoon water, klinieke en paaië nie. Kom ons bid dat God aan hulle fisiese behoeftes sal voorsien.

Vir meer inligting of as u dalk die Christene wat vervolgd word wil ondersteun, kontak Martelare vir Christus by 061-272009 of e-pos by info@martyrsforchrist.com.na

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n koue, nog nie doodgerypte bietjie groen Kalahari
Smittie Kotzé

**Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.
As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.**



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smittinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0748
Amos Kantoor: amosnamibianews@gmail.com
www.amos.com.na
Tel: +264813749333
+26467235048

24 Junie 2018

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Daar is geen probleem in die lewe wat nie anders lyk wanneer ons dit in gebed na God bring nie.
Helmut Thielicke

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens Sy wil vra" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Bemoedigers.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is 371. dat jy as gelowige 'n bemoediger in die gemeenskap van gelowiges sal wees.

Lees: 1 Tessalonisense 5:12-28 " ons vra julle: Erken die mense wat so hard onder julle werk en julle in opdrag van die Here lei en tereg wys. Betoon in liefde die hoogste agting aan hulle ter wille van hulle werk. Leef in vrede met mekaar." (vers 12,13)

Christene kan soms ongenaakbaar wreed en onsensitief teenoor mekaar wees. Met groot venyn sal ons op mekaar toesak as die een van die ander verskil in die gemeente of selfs interkerklik. Sonder om mekaar in ag te neem of selfs net met mekaar te praat en mekaar se hart te hoor weet die ouens wat die vingers wys gewoonlik presies wat jy wou doen of sê. As 'n jong dominee of pastoor iets implementeer wat die sogenaamde bewakers van die geloof nie mee saamstem nie sal hulle soos aasvoëls op hom/haar neerdaal en elke stukkie vlees verskeur. Ongelukkig is dit hoe "koinonia" in baie gevalle lyk en ervaar word. Dominees en pastore is in baie gevalle ouens met hoë mediese rekeninge as gevolg van spanning, depressie en uitbranding. Van hulle los sommer net alles omdat hulle dit nie meer kan verduur nie of hulle gesondheid gee net in.

Klink dit nie so bietjie na die Joodse raad, Sadduseërs en Fariseërs, teenoor Jesus nie? Is dit regtig die getuienis wat die liggaam van Christus in die verband van onderlinge verbondenheid en samewerking moet lewer? Is dit regtig hoe ons as mede-gelowiges met mekaar in die gemeente of buite gemeente verband moet werk? "**Betoon in liefde die hoogste agting...**" vra vers 12. "**...Leef in vrede met mekaar**" beveel vers 13. Om liefde te betoon en in vrede met mekaar te leef klink so na Jesus en na iets wat hy van Sy kinders sal verwag.

Soms reageer ons ook so hard en gevoelloos teenoor sendelinge wat in vreemde lande vir die Here Jesus gaan werk. Ons wil nie finansieel bydra nie want wie kontroleer die sendeling se werk. Wie kyk dat hy/sy nie die geld wat gestuur word mors nie. Die sendeling in die vreemde ver land het jou

ondersteuning nodig. Hulle het nodig om te weet dat die mense by die huis bid onverpoos en vertrou hulle 100% om ywerig vir die Here te werk. Hulle doen wat jy nie kan doen nie en gewoonlik in omstandighede wat jy jou nie kan indink nie.

Ongelukkig is baie mense wat in kerke sit en selfs op kerkrade dien nie wedergebore kinders van Jesus nie. Hulle word steeds deur die eie ek gedryf. Besluite vanuit die ou natuur word geneem en die kerk word bestuur op 'n wêreldse manier. Geen geloof. Geen vertrou op God. Slegs besigheidsbeginsels ens. Ongelukkig is ons besig met 'n oorlog, selfs binne die kerk, wat nie teen vlees en bloed is nie, maar teen die bose magte in die lug. Volgens 2 Tim 3:12 moet ons vervolging verwag. Dit is 'n wrede ontnugtering as die vervolging vanuit jou mede geestelike familie kom. Selfs Jesus moes op 'n stadium vir Petrus sê: Wyk satan! Nie omdat Petrus die satan was nie maar omdat hy toegelaat het dat die satan sy denke en besluite op daardie tydstip beheer.

Vriend, jy moet 'n bemoediger in jou gemeenskap van gelowiges wees. Jy moet 'n bemoediger van die sendelinge wat jou gemeente uitstuur wees. Moenie net die teksies in die Bybel op soek wat jou bemoedig nie. Nee, bemoedig jy die ouens wat leiding neem in jou kerk en gemeenskap. Bemoedig die sendelinge wat julle gemeente uitstuur. Ons kan die sportspanne wat ons ondersteun so luidkeels aanmoedig dat die bure dink pa en ma baklei langsaan. Hoekom moedig ons nie mekaar ook nie so luidkeels aan terwyl ons in die wedloop van die geloof hardloop nie? Prys mekaar aan. Ondersteun mekaar. Bemoedig mekaar. Bid vir mekaar. Hoor mekaar se harte. Respekteer mekaar. "Betoon in liefde die hoogste agting " vra vers 12. " Leef in vrede met mekaar" beveel vers 13.

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy as gelowige 'n bemoediger in die gemeenskap van gelowiges sal wees. Onthou dat 'n swak/slegte leier met goeie volgelinge beter resultate lewer as 'n goeie leier met swak/slegte volgelinge. Bemoedig mekaar!

Here Jesus, help my om 'n bemoediger in my gemeente en gemeenskap te wees. Ek besef ander mense het my aanmoediging eerder as my kritiek nodig.

Gebedsaak:

1. Bid vir die Twinkle star kleuterskool met sy 25 kinders asook juf Rosah van Wyk.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.
4. Bid vir ons regerings in Namibië en Suid Afrika dat God deur hulle manier van doen verheerlik sal word.
5. Bid dat die Amos gebedsbrief mense geestelik sal versterk en hulle lewens sal verryk.
6. Bid ook dat die Kolskoot boodskappies op Kanaal sewe wyd en suid die kol sal tref.
7. Ons bid die week vir die organisasie Martelare vir Christus.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief.

Amosgroete vanuit 'n koue, nog nie doodgeryppte bietjie groen Kalahari
Smittie Kotzé

**Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.
As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.**



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tet: 063 260 180 081 250 0748
Amos Kantoor: amosnamibianews@gmail.com
www.amos.com.na
Tel: +264813749333
+26467235048

30 Junie 2018

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Gebed is nooit 'n poging om God met ons versoeke te oorlaai nie; dit beteken dat ons in 'n persoonlike gesprek tree met die Vader wat ons liefhet. Helmut Thielicke

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens Sy wil vra"(1 Joh 5:14)

Vandag staan ons stil by: **God werk deur mense.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is 372. dat jy God sal toelaat om besit van jou te neem.

Lees: Esegiël 1:1-28"Die mag van die Here het vir Esegiël daar in besit geneem." (vers 3)

Die ou Jode het vas geglo dat God in die tempel in Jerusalem woon. Esegiël word saam met die Joodse ballinge na Babel (Irak) weggevoer en hy glo ook dat God in Jerusalem bly. Eintlik is die profeet op moed verloor se vlakke want God is nie saam met die ballinge nie. In Esegiël se verwysingsraamwerk het Hy agter gebly tussen die ruïnes van Jerusalem. Al die ballinge het gevrees dat hulle in die vreemde land baie ver van God af was. Esegiël sien homself en al die ballinge as van God verlate en stoksielalleen. Wanneer hy hierdie gesig sien van God se teenwoordigheid by hulle daar doer in die vreemde kan jy hom met 'n veer om tik.

Esegiël sien in die gesig God se troonkamer. As ons al die dinge wat Esegiël van praat in ons geestesoog oproep maak die prentjie nie eintlik sin nie. Maar hierdie gesig het Esegiël se hele lewe verander. Esegiël ontdek dat God orals, van noord tot suid en oos tot wes, aan die werk is. God is universeel aan die gang. God is Immanuel. Hy laat in Sy groot liefde nie die mens alleen nie. Hy kom juis na die mens in nood. Hy bly nie in Jerusalem en jy in Putsonderwater nie.

God wat na die mens tot kom in sy noodtoestand verwag algehele oorgawe aan Hom. God wil deur die mens werk. Esegiël moes leer om homself met liggaam en siel tot God se beskikking te stel sodat God deur hom kon werk. Vertrou God om te werk soos wat Hy wil. Hierdie gesig was vir Esegiël 'n skokkende ervaring. Hy val half bewusteloos neer. God se verskyning en teenwoordigheid is eintlik altyd 'n reuse ervaring wat die mens tot stilstand ruk.

Die mense het gedink die man is siekerig in sy kop. Hulle het sommer met hom gespot. Hy moes op sy een sy lê vir 'n lang tyd om die boodskap neer te skryf. Esegiël het nie regtig omgee nie, want

hy het die grootheid en majesteit van God ontdek. Die mense kon doen en sê wat hulle wil want sy ervaring met God was gewoon vanuit 'n ander wêreld.

Is jy gewillig dat God jou ook kan gebruik net soos Hy wil? By die huis of in die vreemde. Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy Hom sal toelaat om besit van jou te neem. Of jy nou in Jerusalem of Namibië is laat toe dat die mag van God van jou besit neem. Esegïel 1:3 "Die mag van die Here het vir Esegïel daar in besit geneem."

Here Jesus, help my om gewillig te wees sodat U my kan gebruik waar en soos U wil.

Gebedsaak:

1. Bid vir die J&M kleuterskool met sy 26 kinders asook juf Marjorie Mafwila.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.
4. Bid vir ons regerings in Namibië en Suid Afrika dat God deur hulle manier van doen verheerlik sal word.
5. Bid dat die Amos gebedsbrief mense geestelik sal versterk en hulle lewens sal verryk.
6. Bid ook dat die Kolskoot boodskappies op Kanaal sewe wyd en suid die kol sal tref.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n nie erg koue, nog nie doodgerypte, bietjie groen Kalahari
Smittie Kotzé

**Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.
As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.**



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0748
Amos Kantoor: amosnamibianews@gmail.com
www.amos.com.na
Tel: +264813749333
+26467235048

08 Julie 2018

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Kommunikasie met God is baie belangriker as die antwoorde wat Hy op ons gebede moet gee. Helmut Thielicke

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens Sy wil vra" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **God wil jou gebruik.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is 373. dat jy jousef aan Hom beskikbaar sal stel, want Hy roep jou tot diens.

Lees: Esegiël 2:1-10 "Jy moet vir hulle sê wat Ek sê, of hulle luister of nie, want hulle is weerbarstig. En jy, mens, luister na wat Ek vir jou sê." (vers 7,8)

Ons maak die fout om te dink dat God net sendelinge, pastore, ouens wat voltyds in 'n bediening staan, roep om vir Hom te werk. Nee, Hy roep elke mens om in die een of ander bediening vir Hom te werk. Die een soort werk is nie meer belangrik as die ander soort werk vir die Here nie. Een werk is nie meer heilig as die ander soort werk vir die Here nie. Elke mens, ook jy, staan voltyds in diens van die Here. Ons moet ook versigtig wees om nie die waarheid te versag omdat ons bang is om die ouens wat ons salarisse betaal aanstoot te gee nie. Gehoorsaam die Here. Nie mense nie.

Kol 3:23,24 "Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie Christus is die Here in wie se diens julle staan."

So het God van Sy troon met Esegiël gepraat, Hom geroep, omdat Hy deur Hom wou werk. Hy wou deur hom met die volk praat. Hy wou hom gebruik. Esegiël word die gesant van die Koning. Wat 'n voorreg! Dis 'n groot eer, maar hy bly maar net mens, swak, vol onsekerhede en vrees. Hy het geen status gehad nie. Hy was die instrument waardeur God wou praat en werk. Hy moes mooi luister na wat God sê, sodat hy die regte boodskap gaan oordra.

Van die begin af waarsku God vir Esegiël dat hy nie veel sukses sal hê nie. Hy word na 'n vreeslike hardkoppige volk toe gestuur. Sy boodskap sou ongewild wees en die mense kwaad maak. Tog te midde van al die weerbarstigheid sal hulle weet dat daar 'n profeet tussen hulle is - Esegiël 2:5.

Jy is ook geroep. God wil jou gebruik op jou plaas, in jou winkel of watter besigheid jy ook al in werk. Jy is 'n belangrike skakel tussen God en die mense waar jy ook al is. Jy staan elke dag in Christus se diens. Jy is gesant van die Koning. Ons moet daagliks mooi luister na God se opdrag aan ons. Spandeer tyd met Hom. Hy wil jou gebruik. Jy gaan dalk ook nie veel sukses hê as God se gesant nie. Jesus se boodskap is beslis nie gewild in die wêreld waarin ons leef nie. Onthou jy is die Koning se gesant, wat mense sê en dink is eintlik nie belangrik nie. Jy werk vir God. God se opdrag aan jou is belangrik. Leef gehoorsaam aan Hom.

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy jouself aan Hom beskikbaar sal stel, want Hy roep jou tot diens. Jy moet Hom behaag. Nie mense nie. Hulle gaan vir jou lag, jou beskinder en bespot. Fokus op God wat jou roep en jou stuur.

Here Jesus, help my om mooi te luister na U opdrag. Help my om vreesloos vir U te lewe en te getuig waar ek ook al kom.

Gebedsaak:

1. Bid vir die Kageo Christian kleuterskool met sy 17 kinders asook juf Memory Goxas.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.
4. Bid vir ons regerings in Namibië en Suid Afrika dat God deur hulle manier van doen verheerlik sal word.
5. Bid dat die Amos gebedsbrieff mense geestelik sal versterk en hulle lewens sal verryk.
6. Bid ook dat die Kolskoot boodskappies op Kanaal sewe wyd en suid die kol sal tref.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrieff...

Amosgroete vanuit 'n koue, doodgeryppte, Kalahari
Smittie Kotzé

**Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.
As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.**



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@rway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0748
Amos Kantoor: amosnamibianews@gmail.com
www.amos.com.na
Tel: +264813749333
+26467235048

22 Julie 2018

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).
Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Die grootste seën wat ons uit gebed kry, lê nie daarin dat ons alles kry wat ons vra nie, maar dat ons só omgang met die Vader verkry. Helmut Thielicke

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens Sy wil vra" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: *Gelowiges dra 'n groot getuigenis verantwoordelikheid as God se verteenwoordigers op aarde.*

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

374. dat jy 'n verantwoordelike gelowige sal wees wat sorg dra vir ander se siele.

Lees: Esegiël 3:16-27 "Wanneer Ek vir 'n goddelose sê hy gaan sterwe, en jy waarsku hom nie...sal hy deur sy sonde sterwe, maar Ek sal van jou rekenskap eis vir sy dood." (vers 18)

'n Soldaat wat op wagstaandiens is en aan die slaap raak, kan in twee situasies beland. Albei is moeilikheid. Eerstens en die minste van sy kopseer is as hy wakker word en teen sy bevelvoerder se skoene vaskyk. Moeilikheid vir sy onverantwoordelike optrede sal hy beslis kry. Lekker straf dril en PT. Dit sal hy beslis oorleef. Die ergste is net 'n seer ego. Tweedens kan hy wakker skrik en teen sy vyand se geweerloop vas kyk. Dit kan ramspoedig wees. In albei gevalle is hierdie soldaat verantwoordelik vir sy makkers se lewe. Hulle lewens is in sy hande. Die een situasie sal hulle almal oorleef en die ander situasie sal ongevalle oplewer.

In Bybelse tye en veral dit waaroor Esegiël hier praat het wagte op die stadsmuur wag gestaan en hard geroep sodat die stadsbewoners gewaarsku kan wees dat die vyand nader kom. Die stadsbewoners se lewens is in hierdie wagte op die mure se hande. God het vir Esegiël aangestel om wag te hou oor Israel. Hy moes mooi by God luister en dit wat hy hoor moes hy aan die volk gaan oordra of die mense hulle daaraan steur of nie. As hy hulle nie waarsku nie sou God hulle bloed van sy hande eis.

Vandag wil mense glad nie meer van sonde hoor nie. Dit skend hulle mense regte. Hulle wil net hoor dat God liefde is. Hy moet net voorsien en sorg dat dit goed gaan. Hulle wil niks van die heiligheid

en regverdigheid van God hoor nie. Predikante wat reguit oor sonde praat is ongewild en word uitgewerk uit die gemeente. Hy kan dalk oor 'n jaar of so dalk in die tronk beland oor liefdeloosheid en onverdraagsaamheid. Vandag verwag die samelewing dat jy liefs stil bly en eerder fokus op jouself. Los die ou langs jou dat hy/sy eerder verlore gaan.

Is dit regtig wat God van ons verwag? God roep jou om Sy boodskapper te wees. Jy is God se wag op die stadsmuur. Waarsku jou vriend of buurman as die gevaar nader kom. Hou aan roep, al luister hy dalk nie. God kan dalk net sy bloed van jou hande eis. Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy 'n verantwoordelike gelowige sal wees wat sorg dra vir ander se siele. Neem jou verantwoordelikheid ernstig op. Jesus maak staat op jou.

Here Jesus, maak my getrou as U boodskapper. Ek wil 'n verantwoordelike gelowige wees.

Gebedsake:

1. Bid vir die Djaupy Siteketa kleuterskool met sy 22 kinders asook Mnr Romanus Shifura.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.
4. Bid vir ons regerings in Namibië en Suid Afrika dat God deur hulle manier van doen verheerlik sal word.
5. Bid dat die Amos gebedsbrieff mense geestelik sal versterk en hulle lewens sal verryk.
6. Bid ook dat die Kolskoot boodskappies op Kanaal sewe wyd en suid die kol sal tref.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrieff...

Amosgroete vanuit 'n meer warm, net koelerige, Kalahari
Smittie Kotzé

**Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.
As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.**



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0748
Amos Kantoor: amosnamibianews@gmail.com
www.amos.com.na
Tel: +264813749333
+26467235048

29 Julie 2018

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Gebed is 'n tyd van rus in Hom wat die tyd gemaak het en Hom dus nie daardeur laat aanjaag nie.
Thomas a Kempis

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens Sy wil vra"(1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Rekords vir die verkeerde redes.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

375. dat jy sal meewerk om rekords vir die regte redes op te stel.

Lees: Esegiël 5:1-16 "Maar hy het hom verset teen My voorskrifte en bepalings, hy was erger as die nasies en die lande rondom hom. Sy inwoners het My bepalings verwerp en het nie volgens My voorskrifte geleef nie." (vers 6)

Ons aan die suidpunt van Afrika beroep ons maklik daarop dat ons Christene is. Ons in Namibië praat van oor die 80% Christene en Suid Afrika praat van rondom 70% van die bevolking wat Christene is. Ons moet eerlik wees dat die statistieke nie regtig weerspieël word in ons optrede nie. **Namibië is die wêreldrekordhouders in padsterftes as gevolg van dronk-, nalatige en roekelose bestuur. Spoed speel natuurlik ook 'n belangrike rol. Geen padreëls word gehoorsaam nie, maar amper 90% van ons bevolking staan as Christene bekend. Volgens statistiek is Suid Afrika se moordsyfer blykbaar 16 keer die wêreldgemiddelde. Elke dag word gemiddeld 52 mense vermoor. In die Viëtnam oorlog het daar blykbaar tien mense per dag gesterf. Let wel OORLOG. Amper 300 babas word daaglik vermoor deur aborsie. In suidelike Afrika word die meeste babas ter wêreld met fetale alkohol sindroom gebore. Ons is ook die wêreldrekordhouders wat alkohol verbruik betref. Per kop word 'n liter of twee alkohol per dag gebruik. Ek sien maar net hoe lyk die asdromme van al die leë drankbottels na 'n boerevereniging funksie. Rondom 'n duisend mense sterf daaglik aan vigs. Suidelike Afrika het van die hoogste getalle mense wat met MIV saam leef.**

Ons is erger as die ouens om ons. Ons is regtig om die verkeerde redes aan die voerpunt. Nie eintlik rekords om op trots te wees nie. Ons speel regtig in die verkeerde eerste span.

Esegiël moes alles uitbeeld sodat die volk presies kon sien wat sou met hulle gebeur. Hy moes selfs sy baard afskeer om sy boodskap oor te dra. Daar sou volgens vers 3 en 4 net 'n klein klompie mense in die stad wat so "erg" was oorbly. Die rede vir die verskriklike oordeel was omdat die volk ongehoorsaam aan God was. Hulle het nie volgens Sy voorskrifte en bepalings geleef nie. Hulle optrede het die eer van die Here deur die modder gesleep. Is dit nie wat al die wêreldrekords wat ons hou ook doen nie? Ons moet die vrug dra wat pas by kinders van God, maar die vrugte wat ons dra getuig nie van Sy karakter in ons nie.

Wat dink jy sou Esegiël vandag oor ons land sê? Hou sou sy uitbeelding lyk? Is ons beter as daardie verskriklike "erge" volk? Moet ons nie dalk ons louheid en koudheid teenoor God bely en ons lewens in orde kry nie? Dalk is dit tyd dat ons ons ontrouheid na Hom vat en vra dat Hy ons vergewe. Bely en laat staan die louheid. Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy sal meewerk om rekords vir die regte redes op te stel. Kom ons stel geloofsrekords op wat getuig van die karakter van God en die vrug van die Heilige Gees.

Here Jesus, vergewe ons sonde en vormgodsdienst. Help ons om rekords van liefde, vrede en vergifnis op te stel.

Gebedsake:

1. Bid vir die Damian Nakare kleuterskool met sy 25 kinders asook juf Ndinela Nekundi.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.
4. Bid vir ons regerings in Namibië en Suid Afrika dat God deur hulle manier van doen verheerlik sal word.
5. Bid dat die Amos gebedsbrieff mense geestelik sal versterk en hulle lewens sal verryk.
6. Bid ook dat die Kolskoot boodskappies op Kanaal sewe wyd en suid die kol sal tref.
7. Bid vir die herstel van die kleinvee bedryf in ons land.
8. Bid dat die kwessies rondom grond in suidelike Afrika regverdig hanteer sal word.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrieff...

Amosgroete vanuit 'n winderige koel Kalahari
Smittie Kotzé

**Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.
As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.**



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tet: 063 260 180 081 250 0746
Amos Kantoor: amosnamibianews@gmail.com
www.amos.com.na
Tel: +264813749333
+26467235048

11 Augustus 2018

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Ek weet van net een produk wat die land belastingvry kan binnekom, dit is die antwoorde op gebede. Mark Twain

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Wees gereed, die einde is naby.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

376. dat jy gereed sal wees as die einde aanbreek.

Lees: Esegiël 7:1-18 "Mens, die einde kom! Die einde kom dwarsoor die land." (vers 2)

Wat sal jy doen as jy weet jy het nog net 'n week oor om te lewe? Gewoonlik as ek die vraag vir die kinders in my klas gevra het het ek interessante antwoorde gekry. Ons kon periodes om gesels oor die dinge. Elkeen het sy eie siening gehad. Antwoorde was erg uiteenlopend. Party van die grapjasse wou nog vir oulaas 'n meisie soen of lekker gaan kuier saam met vriende. Van die avontuurlustiges sou vir oulaas iewers van 'n brug spring of 'n paar lande besoek. Ander sou graag verhoudings wou herstel. Sommiges sou iets goeds vir iemand anders wou doen of meer tyd in gebed spandeer. Party ouens uit gebroke huise sou graag vredestryd met hul ouers en boeties en sussies wou hê. Sekeres wou net hul saak met God reg maak sodat hulle seker van die hemel kan wees. Dan was daar die enkeles wat dit afgemaak het as bangmaak stories of gewoon nonsies.

Israel moes hoor: **"Mens, die einde kom! "** Maak gereed vir 'n rowwe landing. Die einde kom in die vorm van bloeddorstige aanvalle uit die ooste. Woorde soos verwoesting, die

wegvoer van ballinge, lyke wat versprei lê en afgebrande stede is gebruik. Genoeg om enige goeie mens se senuwees op hol te jaag. Esegiël was besig om die volk te waarsku. Maak gereed. Maak die foute van die verlede reg. As hulle soos die Niniviete met Jona se preke tot bekering gekom het sou die oordeel beslis afgewend word. Die vraag is: Sou hulle luister? Ons is mos slim en het baie "logiese" redenasies en argumente om die teendeel te bewys. Ons luister mos net na ons self.

Feit is: Die einde kom! Ook vandag weet ek en jy dit. Iewers gaan die bedeling soos ons dit tans ken eindig. Dit sal tot niet gaan. God waarsku ons al eeue oor hierdie gebeure. Vandag nog maak mense grappe oor dit en leef hulle of daar nooit 'n einde gaan wees nie. God belowe dat Christus sal kom. Die einde sal aanbreek. Hy sal die skape en die bokke skei. Sommiges sal bly wees en uitroep; Maranata!!! Ander sal ween en kners en begeer dat berge op hulle val en heuwels hulle bedek. Oordeel sal daar wees. Ook die herskep van die ou aarde en hemel sal plaasvind (**Op 21:1-4**). Alles sal nuut gemaak word. Feite!

Weet jy: die einde kom ook daaglik vir baie mense. Môre kan jou beurt wees. Is jy gereed vir die einde as dit aanbreek? Leef elke dag, elke uur asof dit jou laaste is. **Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy gereed sal wees as die einde aanbreek.**

Esegiël 7:2 "Mens, die einde kom! Die einde kom dwarsoor die land."

Here Jesus, ek wil gereed wees as die einde kom. Dankie ook vir die totale nuwe begin saam met U.

Gebedsake:

1. Bid vir die Kiddie care nursery kleuterskool met sy 28 kinders asook juf Paulina Uugwanga.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.
4. Bid vir ons regerings in Namibië en Suid Afrika dat God deur hulle manier van doen verheerlik sal word.
5. Bid dat die Amos gebedsbrief mense geestelik sal versterk en hulle lewens sal verryk.
6. Bid ook dat die Kolskoot boodskappies op Kanaal sewe wyd en suid die kol sal tref.
7. Bid vir die herstel van die kleinvee bedryf in ons land.
8. Bid dat die kwessies rondom grond in suidelike Afrika regverdig hanteer sal word.

Indien jy wil deel wees van 'n gebedsgroep vir die Amos Meerkat skole op WhatsApp wat intree vir die kleuterskole, opleiding van onderwysers en die verryking van kinderleuens, kontak Jessie by 081 3749333.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n winderige ysige Kalahari
Smittie Kotzé

**Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband:
081 148 8993.**

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smittinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0745
Amos Kantoor: amosnamibianews@gmail.com
www.amos.com.na
Tel: +264813749333
+26467235048

19 Augustus 2018

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Ons kan God net sowel vra om ons oor te neem en te verower, want voordat Hy dit gedoen het, bly ons 'n maklike prooi vir duisende vyande. AW Tozer

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Aardse welvaart is nikswerd.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

377. dat jou toekoms en sekuriteit op die regte plek geanker sal wees.

Lees: Esegiël 7:19-27 "Dit is waarom Ek hulle goud en silwer nutteloos laat word." (vers 20)

Toe alles in Zimbabwe in duie gestort het, rondom 2008, as gevolg van dwase leierskap en meer dwase regeringsbesluite kon banknote verstommende bedrae geld verteenwoordig het. Op van die note was "Twenty Five billion Dollars" gedruk gewees en verstommend genoeg sou jy twaalf daarvan nodig gehad het om een koekie seep te koop. 'n Week later sou jy as gevolg van stygende inflasie twee honderd sulke note benodig om een koekie seep te koop. Belaglik! Hoe lewe bejaarde mense van spaargeld in sulke omstandighede as een velletjie toiletpapier meer werd is as enige beskikbare banknoot?

Esegiël skets presies sulke omstandighede in **Eseg 7**. Kos is so skaars dat geen geld dit kan koop nie. Alle aardse goed is waardeloos. Ons lees ook in **2 Kon 6** as die Arameërs die stad beleer dat aardse toestande so sleg kan raak dat selfs 'n donkie se kop of 'n skeppie duiwe mis onbetaalbaar duur is. Daar lees ons selfs van mense wat hulle eie kinders moes eet om aan die lewe te bly in die haglike omstandighede. Materiële dinge bied geen veilige of gewaarborgde toekoms nie.

Ons vertrou ons hele lewe, toekoms en aftrede aan aardse middele toe. Ek is reg vir my ou dag want my polisse sal my dra. Ons word sterk genoem deur die mense van die gemeenskap as ons miljoene in die bank het. Hoe dwaas om op aardse middele te vertrou. Geld waarvan jy biljoene dollars benodig om een koekie seep te koop as dinge polities skeef loop. Geld wat met een dwase besluit minder werd kan word as een velletjie toiletpapier. Spaargeld of rykdom of enige aardse middel is niks werd. Moenie jou menswees, jou toekoms, daarop bou nie. Jesus vra dat ons sal belê waar mot en roes nie kan verniel nie.

Gedurende die beleg van Jerusalem het die mense regtig die term 'waarde' ontdek. Afgode, geld, juwele, die kerk en die regering het ewe min waarde gehad. Dit ontdek 'n mens gewoonlik eers as dinge skeef loop. Boewe en slegte mense plunder die stad en die regering staan magteloos lees ons in **vers 27**. Selfs die kerk was radeloos volgens **vers 26**. Die kerk se probleem was dat hulle in 'n vormgodsdienst vas gevang was. Intimiteit en gehoorsaamheid aan God het ontbreek. Hulle het hulle afgode gedien en behaag. Dit laat my so dink aan die tye waarin ons leef. Op die stadium word baie lande in Afrika deur presies hierdie probleem in die gesig gestaar. Boewe en skurke regeer die land met wanorde, vandalisme, anargie en moord. Regerings is onbevoeg om die chaos te beheer. Die hartseer is dat groot dele van die regerings bestaan self uit skurke. Die tradisionele kerke het eintlik ook nie 'n stem nie want hulle is verblind deur jare lange vormgodsdienst en die gemaklike waarin hulle vir baie jare vasgevang was. Intieme verhouding met God ontbreek.

Moenie jou sekuriteit vas maak aan dinge van tydelike aard nie. Materiële dinge, regerings en kerke gefundeer in vormgodsdienst gaan verby. Een verkeerde politieke besluit en dinge op aarde kan lelik skeef loop. Intimiteit met God, gehoorsaamheid aan Hom het ewige waarde. 'n Lewende verhouding met God is al wat saak maak. Sy liefde en die vergifnis wat Hy skenk is eindeloos. Die eintlike lewe lê voor. **Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jou sekuriteit op die regte plek geanker sal wees.**

Here Jesus, ek wil U dien en aan U vashou in hierdie politieke onseker tye, want in U is ewigheidswaarde.

Gebedsake:

1. Bid vir die Happy Kids kleuterskool met sy 20 kinders asook juf Fransina Hausiku.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.
4. Bid vir ons regering in Namibië en Suid Afrika dat God deur hulle manier van doen verheerlik sal word.
5. Bid dat die Amos gebedsbrieff mense geestelik sal versterk en hulle lewens sal verryk.
6. Bid ook dat die Kolskoot boodskappies op Kanaal sewe wyd en suid die kol sal tref.
7. Bid vir die herstel van die kleinvee bedryf in ons land.
8. Bid dat die kwessies rondom grond in suidelike Afrika regverdig hanteer sal word.

Indien jy wil deel wees van 'n gebedsgroep vir die Amos Meerkat skole op WhatsApp wat intree vir die kleuterskole, opleiding van onderwysers en die verryking van kinderlewens, kontak Jessie by 081 3749333.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrieff...

Amosgroete vanuit 'n wonderige ysige Kalahari
Smittie Kotzé

**Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.
As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.**



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0748
Amos Kantoor: amosnamibianews@gmail.com
www.amos.com.na
Tel: +264813749333
+26467235048

25 Augustus 2018

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Ons dra in onself die saad van ons eie ondergang. Ons siel word daagliks deur die krag van ons eie vlees bedreig. Ons kan eers verlossing smaak as ons ou lewe verslaan is. AW Tozer

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens Sy wil vra" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Stel ondersoek in.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

378. dat wat jy uitstraal tussen mense en wat jy in die geheim doen met mekaar strook.

Lees: Esegiël 8:7-18 "Hy sê toe vir my: Mens, breek af die muur!" (vers 8)

Die beeld wat mense uitstraal of selfs die indruk wat jy in lande kry as jy daar aankom is nie altyd 'n ware refleksie van dit wat regtig in die land of mens se lewe aangaan nie. 'n Sakeman wat op 'n besigheidsbesoek in China is kan dink dat daar godsdiensvryheid is. Want op die oog af is daar kerke wat dienste hou en baie mense besoek hierdie "staatskerke". Maar die voorwaardes wat die staat aan kerk wees stel is nie algemeen bekend nie. Dit word nie oor die nuus kanaal in die res van die wêreld uitgesaai sodat almal presies weet hoe dit werk nie. Niemand weet van die geweldige manipulering en staatsinmenging of staatsonderdrukking wat met kerk wees in China gepaardgaan nie. Wanneer daardie selfde sakeman met die onderdrukte Christene van die huiskerkebeweging kontak maak kry hy die ware beeld van hoe die kerk regtig gemanipuleer en onderdruk word. Onder die oppervlak ontdek hy die toestand van die kerk. Die uiterlike skyn is dikwels nie die werklikheid nie.

In Esegiël se tyd het die mense ook nie die werklikheid besef nie. Die "agtergeblewenes" in Jerusalem het neergesien op die mense, soos Esegiël, wat weggevoer was in die eerste ballingskap. Die ballinge was die "sondaars". Die ballinge aan die anderkant sou alles wou gee om net weer terug te kon gaan na Jerusalem, want hulle het geglo dat Jerusalem 'n toekoms het. In Jerusalem gaan dit goed. Jerusalem is die 'heilige stad'. Die leiers in ballingskap was juis besig om te bid en seker hulle terug keer na Jerusalem te beplan toe Esegiël hierdie visioen beleef. Esegiël word so bewustelik deur die mag van die Here in besit geneem dat die aanwesig onmiddellik geweet het hier is iets baie ernstig aan die gang.

Deur die visioen sou Esegiël ontdek wat regtig in Jerusalem aan die gang is. Hy sou sien wat agter die mooi mure van die tempel gebeur. Die Here wys vir hom hoe die geestelike leiers afgode aanbid. Die vroue

aanbid ander afgode en sommige buig voor die songod. Nou verstaan hy waarom God die ballingskap toegelaat het. Hulle het hulle rug op Hom gedraai. Die uiterlike skyn is dikwels nie die werklikheid nie.

Hoe lyk ons land en ons kerk? Is ons enigins beter? Is God in die sentrum van ons lewens, kerk wees en regering? Aanbid ons Hom en Hom alleen? Of speel ons kerk en pleeg afgodery onder die dekmantel van kerk wees? Manipuleer ons die kerk om te wees wat ons wil hê dit moet wees. Soek ons 'n afgewaterde Bybel wat sê wat ons wil hoor. Sien die duisende besoekers wat ons land binne stroom die 80% Christene wat op die sensus vorms aangedui is? **Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat wat jy uitstraal tussen mense en wat jy in die geheim doen met mekaar strook.**

Here Jesus, vergewe ons ons skynheiligheid. Help ons om U alleen voluit te dien.

Gebedsake:

1. Bid vir die Ghetto kleuterskool met sy 30 kinders asook juf Mushonanga Amadia.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.
4. Bid vir ons regerings in Namibië en Suid Afrika dat God deur hulle manier van doen verheerlik sal word.
5. Bid dat die Amos gebedsbrief mense geestelik sal versterk en hulle lewens sal verryk.
6. Bid ook dat die Kolskoot boodskappies op Kanaal sewe wyd en suid die kol sal tref.
7. Bid vir die herstel van die kleinvee bedryf in ons land.
8. Bid dat die kwessies rondom grond in suidelike Afrika regverdig hanteer sal word.
9. Bid vir die Mighty Men saamtrek buite Rehoboth die laaste naweek van Augustus.

Indien jy wil deel wees van 'n gebedsgroep vir die Amos Meerkat skole op WhatsApp wat intree vir die kleuterskole, opleiding van onderwysers en die verryking van kinderlewens, kontak Jessie by 081 3749333.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n winderige ysige Kalahari
Smittie Kotzé

**Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.
As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.**



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tet: 063 260 180 081 250 0748

Amos Kantoor: amosnamibianews@gmail.com
www.amos.com.na
Tel: +264813749333
+26467235048

9 September 2018

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Ware veiligheid en vrede kom eers nadat ons op ons knieë gedwing is...Hy verower ons en deur daardie klein verowering red Hy ons vir Homself. AW Tozer

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens Sy wil vra" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Sal God regtig weg gaan?**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

379. dat jy sal weet, dat jy in Christus nooit God verlatenheid sal ervaar nie.

Lees: Esegiël 10:1-17 "Die tempel is gevul met die wolk, en die voorhof was vol van die glans van die magtige teenwoordigheid van die Here." (vers 4)

Ons lees hier dat God besig is om Sy tempel te verlaat. Die tempel was altyd die plek van aanbidding en versoening, maar word nou die begin punt van vernietiging. Die kole moet vanaf die tempel oor die stad gestrooi word. Die wolk van God se teenwoordigheid was altyd die teken van God se daar wees vir die volk. Nou wil die wolk wat God se heerlikheid simboliseer die tempel verlaat. Alles is die gevolg van die volk se ongehoorsaamheid. Hulle het hulle rug op Hom gedraai en nou wil Hy nie meer daar wees nie. Hy wil vertrek en hulle alleen laat in hulle verskriklike oordeel.

Die mens redeneer maklik dat God maar altyd daar sal wees. Ons kan doen wat ons wil, ons aanbid mos 'n genadige, liefdevolle God. Hy sal ons nooit verlaat nie. God is in Sy liefde teenwoordig waar Hy wil wees. Ongelukkig mag daar nie met die teenwoordigheid van die Here gespeel word nie. Hy is nie gebonde aan 'n stad, 'n volk, 'n regering of 'n tempel nie. Hy is soewerein. Hy is 'n verhoudings wese. Hy kom om 'n liefdesverhouding daar te stel, maar as die liefdesverhouding gebreek of geminag word, dan gaan Hy en laat die wat Sy liefde vertrap het in hul eie ellende agter.

In Eseg 10:18-22 sien die profeet hoe die heerlikheid van die Here die tempel verlaat. Die tempel is leeg en doelloos agter gelaat. Sonder die Here het die tempel geen doel nie. Dit gaan juis in die tempel om die aanbidding van die Here. Sonder God het die erediens geen sin nie. In 1 Sam 4:21 lees ons "Die eer van die heerlikheid is weg gevat uit Israel." Die toekoms is duister, want waar is die heerlikheid van die Here? Sonder God is daar geen toekoms nie. Dit is die vrug wat jy pluk as jy aanhoudend jou rug op God draai. Volhard in ongehoorsaamheid en jy sal sonder Jesus jou hemelse verhoor moet hanteer aan die einde van dae. Al is jy godsdienstig, sonder God is die toekoms duister en hooploos.

Sorg dat jou verhouding met God intiem is deurdat jy Hom gehoorsaam en lief het. Maak moeite met Hom. Sterf aan jouself en laat Hom toe om jou hele lewe te vul. Gee Hom die kans om jou nuut te maak. Ken Hom in al jou weë. Jesus maak dit vir jou moontlik. Hy het God verlatenheid trotseer sodat jy in God se teenwoordigheid kan bly. Hy roep namens jou uit: **"My God, my God, waarom het U My verlaat?"** In Jesus sal God jou nooit verlaat nie. Niks en niemand sal jou van Sy liefde skei of uit Sy hand ruk nie. Buite Jesus as jy volhard in jou sonde en koppige ongehoorsaamheid het jy geen kans nie. God verlatenheid wag op jou. Sonder 'n intieme verhouding met Jesus is jou toekoms hopeloos en uitsigloos. Wil jy volhard op daardie pad van ongehoorsaamheid? Wil jy die kans vat om God te sien vertrek sonder jou?

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy sal weet dat jy in Christus nooit God verlatenheid sal ervaar nie.

Vader, ons verdien dat U ons verlaat. Dankie Jesus, dat U ons skuld op U geneem het en dat ons nooit God verlate sal wees as ons in U bly nie.

Gebedsake:

1. Bid vir die Emmanuel kleuterskool met sy 27 kinders asook juf Innocentia Gumwadhi.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.
4. Bid vir ons regerings in Namibië en Suid Afrika dat God deur hulle manier van doen verheerlik sal word.
5. Bid dat die Amos gebedsbrieff mense geestelik sal versterk en hulle lewens sal verryk.
6. Bid ook dat die Kolskoot boodskappies op Kanaal sewe wyd en suid die kol sal tref.
7. Bid vir die herstel van die kleinvee bedryf in ons land.
8. Bid dat die kwessies rondom grond in suidelike Afrika regverdig hanteer sal word.
9. Bid vir die geestelike ontwaking van elke boer.
10. Bid dat God verheerlik sal word in Suid Afrika, Namibië, Angola en Botswana.

Indien jy wil deel wees van 'n gebedsgroep vir die Amos Meerkat skole op WhatsApp wat intree vir die kleuterskole, opleiding van onderwysers en die verryking van kinder lewens, kontak Jessie by 081 3749333.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrieff...

Amosgroete vanuit 'n winderige ysige Kalahari
Smittie Kotzé

**Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.
As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.**



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0748
Amos Kantoor: amosnamibianews@gmail.com
www.amos.com.na
Tel: +264813749333
+26467235048

15 September 2018

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Gebed is 'n leerskool waarin God Sy wil aan ons wil bekendmaak. Charles Vaughan

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens Sy wil vra" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Jou lewe, 'n praktiese preek.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

380. dat jy met jou lewe sal preek oor elke dag se verhouding met Christus.

Lees: Esegiël 12:1-28 "Breek voor hulle oë 'n gat in die muur en gaan daardeur." (vers 5)

"Die tyd kom vinnig nader en so ook die vervulling van elke gesig." (vers 23)

Esegiël kry die opdrag om 'n visuele preek te lewer. Hy moes sy tas pak en vertrek, maar nie deur die deur van die gebou nie. Hy moes 'n gat in die muur kap en daardeur weg stap. Verbaas vergaap die inwoners van die stad hulle aan die vreemde optrede. Sy optrede was 'n preek en lewer 'n boodskap vir Israel. Israel, alles is nie so reg by julle soos wat julle dink nie. Julle sal julle lewe voor God in orde moet kry. Julle ongehoorsaamheid aan God gaan julle duur te staan kom. Jerusalem het die naam as die stad van die Gods volk gehad, maar hulle het iets anders geleef as waarvoor hulle gestaan het.

Vandag lees baie mense nie regtig meer Bybel nie, maar hulle lees ons. Leef ons soos mense wat gehoorsaam aan God is. Leef ons soos mense wat op pad is na die ewige bestemming saam met Jesus? Of leef ons soos mense wat geanker is aan hierdie wêreld asof ons dit nooit sal verlaat nie. Is jou mure so sterk gebou dat jy nie 'n gat daarin kan breek nie? Die gat daarin simboliseer die tydelikheid van die struktuur. Jou ewige huis is by Jesus. Wat hoor mense as hulle na jou lewe kyk? As jou lewe nie saamstem met jou boodskap nie is jy nie geloofwaardig nie. Jou lewe moet mense oortuig wat die eintlike pad na die ewige lewe is.

Ons sing maklik die Koning kom. Ver wag ons regtig die wederkoms enige dag of uur? Getuig jou lewe dat jy die wederkoms ver wag. Preek jou lewe dit? Ons lees in 2 Petrus 3 ook dat die mense getwyfel het in die wederkoms omdat dit dan nie gebeur nie. Ook Esegiël se sigbare preke is beoordeel met: ag, dit sal nie nou al gebeur nie. Daar is nog baie tyd. Die profeet jaag spoke op. Daarom noem die Here die volk "weerbarstig" in vers 25.

Die Bybel gaan oor elke dag se lewe. Jou geloof moet jou lewe vandag verander, anders het jy probleme. Jou geloof in God moet vandag preek dat mense nader na God wil kom. Volgens Ef 2:8-10 is ons nou reeds gered as ons op Jesus vertrou. Wat sien mense vandag in jou lewe? Lewe jy soos iemand wat nou reeds die ewige lewe het soos 1 Joh 5:11-13 verduidelik? Die Bybel is jou daaglikse handleiding. Hoor mense dit so as hulle na jou kyk? Leef die Bybel dit is preek genoeg. Moenie net praat nie.

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy met jou lewe sal preek oor elke dag se verhouding met Christus. Is jou lewe 'n praktiese preek? Leef reg, die tyd loop uit!

Jesus, help my om vandag so te lewe dat almal wat my pad kruis kan sien dat u Woord waar is en dat ek op pad is na die ewigheid saam met U.

Gebedsake:

1. Bid vir die Inner Purity kleuterskool met sy 25 kinders asook juf Jeke Kaleni.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.
4. Bid vir ons regerings in Namibië en Suid Afrika dat God deur hulle manier van doen verheerlik sal word.
5. Bid dat die Amos gebedsbrieff mense geestelik sal versterk en hulle lewens sal verryk.
6. Bid ook dat die Kolskoot boodskappies op Kanaal sewe wyd en suid die kol sal tref.
7. Bid vir die herstel van die kleinvee en speenkalf bedryf in ons land.
8. Bid dat die kwessies rondom grond in suidelike Afrika regverdig hanteer sal word.
9. Bid vir die geestelike ontwaking van elke boer.
10. Bid dat God verheerlik sal word in Afrika.
11. Bid vir die toerusting van die AMS monitors.

Indien jy wil deel wees van 'n gebedsgroep vir die Amos Meerkat skole op WhatsApp wat intree vir die kleuterskole, opleiding van onderwysers en die verryking van kinderlewens, kontak Jessie by 081 3749333.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrieff...

Amosgroete vanuit 'n warmer Kalahari
Smittie Kotzé

**Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.
As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.**



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smittinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0748

Amos Kantoor: amosnamibianews@gmail.com
www.amos.com.na
Tel: +264813749333
+26467235048

22 September 2018

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Onthou dat God ons enigste ware sekerheid is. Aan Hom vertrou ek jou toe...my seun, moenie jou persoonlike gebede verwaarloos nie. Mary Washington

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens Sy wil vra" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: Vals leraars.

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

381. dat jy aan die waarheid van die Woord sal vas hou.

Lees: Esegiël 13:10-23 "Julle het met julle leuens, mense wat my wou dien, laat moed verloor." (vers 22)

'n Teologiese student beweer: "Dit is darem belaglik om gesag aan die Bybel toe te dig, want dit is somer net 'n versameling ou geskrifte." 'n Ander student skryf: "EK was 'n weergebore Christen, maar hoe meer ek studeer het, hoe minder van my geloof het daar oorgebly. Ek beskou my nou self as 'n weergestorwe Christen." Hierdie is so hartseer.

Dit is niks nuuts nie. In Esegiël se tyd was daar al vals profete wat mense se geloof probeer ondermyn het, deur napatrers van die regering te wees. As mense bekommerd was oor hulle geestelike toestand, het hulle die swak plekke netjies afgewit deur 'n mooi toekoms te voorspel. Hulle het net altyd 'n mooi toekoms voorspel, terwyl dit nie so was nie. "Hulle het My volk verlei, hulle het gesê: 'Dit sal goed gaan' toe dit nie sou goed gaan nie..." Eseg 13:10. Die Here waarsku teen die vroue wat as waarsegsters optree en somer net volgens hulle eie verbeelding profeteer. Die gevaar van vals profete is dat hulle mense in hulle mag wil kry. Vals profete tree dus tot hulle eie voordeel op. Dit gaan nie oor God nie. Teen sulkes sal God optree. Onthou: Die Bybelse

boodskap is altyd dat God mense wil bevry. God wil nie mense verslaaf en onder dwang Hom laat aanbid nie. Aanbidding van God moet in vryheid plaasvind. Volgens vers 23 sal die Here hierdie vals profete stop en ontbloot.

Billy Graham vertel dat hy as jong man amper mislei was deur die aanhangers van die liberale teologie. Hy het amper sy geloof verloor, maar hy het toe 'n doelbewuste keuse gemaak om die hele Bybel as die geïnspireerde Woord van God te aanvaar en te handhaaf. Daarna was "die Bybel sê" een van sy geliefkoosde uitdrukkings. Hy kon natuurlik deur die inwerking en onderrig van die Heilige Gees baie mense help om by God uit te kom. Wonderlik dat as jy die Woord gehoorsaam en bestudeer die Heilige Gees jou in God se waarheid onderrig. Jy sal groei in kennis, maar meer belangrik is dat jy sal groei in wysheid. Wysheid begin mos by die dien van die Here.

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy aan die waarheid van die Woord sal vas hou.

Jesus, ek kies om vas te hou aan die Bybel as die woord van God.

Gebedsake:

1. Bid vir die Omega 111 kleuterskool met sy 32 kinders asook juf Susanna Benn.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.
4. Bid vir ons regerings in Namibië en Suid Afrika dat God deur hulle manier van doen verheerlik sal word.
5. Bid dat die Amos gebedsbrief mense geestelik sal versterk en hulle lewens sal verryk.
6. Bid ook dat die Kolskoot boodskappies op Kanaal sewe wyd en suid die kol sal tref.
7. Bid vir die herstel van die kleinvee en speenkalf bedryf in ons land.
8. Bid dat die kwessies rondom grond in suidelike Afrika regverdig hanteer sal word.
9. Bid vir die geestelike ontwaking van elke boer.
10. Bid dat God verheerlik sal word in Afrika.
11. Bid vir die Grondkonferensie wat in Oktober sal plaasvind.

Indien jy wil deel wees van 'n gebedsgroep vir die Amos Meerkat skole op WhatsApp wat intree vir die kleuterskole, opleiding van onderwysers en die verryking van kinderlewens, kontak Jessie by 081 3749333.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n warmer Kalahari
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tet: 063 260 180 081 250 0748
Amos Kantoor: amosnamibianews@gmail.com
www.amos.com.na
Tel: +264813749333
+26467235048

29 September 2018

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Wanneer God ons nie gee wat ons vra nie, gee hy ons wat ons nodig het. Thomas Watson

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Is elkeen vir homself?**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

381. dat jy jou sonde toestand sal ontdek en met Hom uitsorteer sodat jy rein voor Hom kan staan.

Lees: Esegiël 14:12-23 "... sou selfs daardie drie manne van ouds, Noag, Daniël en Job wat volgens My wil geleef het, net hulle self in die lewe kon hou..." (vers 14)

"Toe sê Abraham: Moet tog nie kwaad word nie, Here! Ek wil nog net een keer praat; miskien word daar tien gekry. En die Here sê: ook oor tien sal Ek dit nie verdelg nie." (Gen 18:32). Ons weet dat daar nie eens tien regverdiges in Sodom en Gomorra was nie. So het die leiers wat vir Esegiël kom kuier het ook gevoel dat Jerusalem darem nie regtig so sleg is nie. Daar sal mos darem genoeg goeie mense wees wat oor bly in die stad as die Here al die slegtes verdelg het. Maar volgens die Here sou die beste mense wat ooit geleef het nie genoeg wees om daardie stad te red nie. Noag kon darem sy eie gesin red. Daniël het drie keer op 'n dag vir sy volk voor God gepleit. Job het vir sy kinders na elke partytjie gebid en ook vir sy vriende wat so baie raad aan hom gegee het. Maar Jerusalem is in so 'n haglike toestand dat die een nie meer die ander kan red nie. Elke mens sal maar vir homself moet staan voor die Regterstoel van God.

Eintlik is ons ook maar in presies dieselfde situasie. Volgens **Rom 3:23** is daar ook geen goeie mens wat ons kan red nie. **"Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie"**. Dit is juis oor ons sonde toestand dat Jesus aarde toe gekom het. Niemand is goed genoeg om homself te red nie. Net Jesus is volgens God se standaard goed genoeg om ons te red. **"maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vry gespreek vanweë die verlossing van Jesus Christus."** **Rom 3:24**. Jesus was goed genoeg om ons skulde op Hom te neem en ons laste te dra. **"...My dienaar, die regverdige, sal baie mense regverdig maak: hy sal die straf vir julle sonde dra."** **Jes 53:11**.

Die mense van Jerusalem het hulle op die verbond beroep. Hulle het gedink as hulle die teken van die verbond dra, is dit voldoende. Maar dit was en is nie. Ons lewe moet verander. Ons moet tot bekering kom. Ons moet God toelaat om ons lewe nuut te maak. Jesus sê vir Nikodemus dat hy wederbaar moet word om in die hemel toegelaat te word. Jou doop is nie genoeg nie. Vormgodsdien is totaal onvoldoende. Ons het Jesus nodig. Ons moet in berou sondebelydenis doen en Jesus se genade aanvaar. Ons moet die vrug dra wat by die bekering pas. Laat die Heilige Gees jou help om die vrug van die Gees te dra.

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy jou sonde toestand sal ontdek en met Hom uitsorteer sodat jy rein voor Hom kan staan.

Jesus, dankie dat u ons straf op U geneem het. Verander my lewe sodat U verheerlik kan word.

Gebedsake:

1. Bid vir die Masambu kleuterskool met sy 31 kinders asook Mnr Sagaria Mazaka.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.
4. Bid vir ons regerings in Namibië en Suid Afrika dat God deur hulle manier van doen verheerlik sal word.
5. Bid dat die Amos gebedsbrieff mense geestelik sal versterk en hulle lewens sal verryk.
6. Bid ook dat die Kolskoot boodskappies op Kanaal sewe wyd en suid die kol sal tref.
7. Bid vir die herstel van die kleinvee en speenkalf bedryf in ons land.
8. Bid dat die kwessies rondom grond in suidelike Afrika regverdig hanteer sal word.
9. Bid vir die geestelike ontwaking/wedergeboorte van elke boer.
10. Bid dat God verheerlik sal word in Liberië, Ivoorkus, Ghana, Nigerië, Kameroen en Soedan.
11. Bid vir die Grondkonferensie wat in Oktober sal plaasvind.

Indien jy wil deel wees van 'n gebedsgroep vir die Amos Meerkat skole op WhatsApp wat intree vir die kleuterskole, opleiding van onderwysers en die verryking van kinderleuens, kontak Jessie by 081 3749333.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n warmer Kalahari
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0748
Amos Kantoor: amosnamibianews@gmail.com
www.amos.com.na
Tel: +264813749333
+26467235048

Indien jy wil deel wees van 'n gebedsgroep vir die Amos Meerkat skole op WhatsApp wat intree vir die kleuterskole, opleiding van onderwysers en die verryking van kinderlewens, kontak Jessie by 081 3749333.

06 Oktober 2018

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Ek bid nooit langer as 15 minute nie, maar ek bly ook nooit langer as 15 minute sonder gebed nie.
Smith Wiggleson

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens Sy wil vra" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Eer God vir wie jy is.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

382. dat jy Sy roem en eer sal besing vir dit wat jy bereik het.

Lees: Esegiël 16:1-22 "Jy het onder die nasies beroemd geword om jou skoonheid. Dit was 'n volmaakte skoonheid, die gevolg van die prag waarmee Ek jou uitgerus het, sê die Here my God." (vers 14).

In Esegiël 15:1-8 word Jerusalem met 'n waardelose wingerdstok vergelyk wat net vir vuur maak gebruik kon word. Ai, en die kooltjies word vinnig as, selfs dan is dit nie veel werd nie. Die rede hiervoor is omdat die volk ontrou was. Hulle het nie gedoen en geleef soos hulle moes nie. Hulle lewe het God nie geëer nie. Esegiël 16:2 begin met "Mens, sê vir Jerusalem wat se afskuwelike dinge hy gedoen het." Die stad en volk word met 'n baba vergelyk wat moes sterf na geboorte of doodgebore moes gewees het, maar God het daar verby gekom en die patetiese spartelende bebloede baba gesien en as Redder opgetree. God het hierdie baba so mooi versorg dat 'n beeldskone vrou, vergelykbaar met 'n koningin na vore gekom het. " 'n volmaakte skoonheid, die gevolg van die prag waarmee Ek jou uitgerus het, sê die Here my God." Esegiël 16:14. God het hierdie skoonheid as Sy eie kind aangeneem. Hy het Hom met 'n eed aan haar verbind. Die weggooi kind het Sy bruid geword. Alles die genade van God.

Maar hierdie skoonheid het gekies om God se gawes te misbruik om sonde te doen. Sy het Sy gawes gebruik om vir haarself roem te verwerf. Hierdie pragtige vrou het gekies om haar Bruidegom te verneuk, deur 'n slet te word. Sy het afgode begin dien. God sou haar uiteindelik straf vir haar

verkeerde keuses. Haar sonde sou maak dat Mej Bene Mej Geraamte word. Sonde sou die skoonheid verteer en verwoes.

Is dit nie in 'n sekere sin ook waar van die kerk nie? Die kerk kan nie bestaan sonder God se genade nie. Maar ons gebruik God se gawes om vir ons naam te maak deur indrukwekkende kerkgeboue en makro gemeentes waarmee ons stilweg spog. Ons roem op ons kerkbywoning. Ons kerk koor is so pragtig en ons loods soveel en soveel aksies. Ons het so vol van onself geword dat ons selfs die gesag van die Skrif bevraagteken. Ons bevraagteken selfs Jesus se maagdelike geboorte. Ons bevraagteken sy Godheid. Ons het gespartel in ons sonde. Ons moes eintlik sterf, maar deur God se genade leef ons en dan kies ons om so vol van onself te word dat God moet terug staan.

Roem ons nog in ons Koning? Eer ons nog Sy Naam? Sonder Hom is ons, die kerk, niks. Dit gaan nie om ons eie skoonheid nie, maar om God s'n. Ons bestaan net om Sy roem te verkondig en om Sy Naam te eer. Is jy 'n skoonheidskoningin wat God eer of roem jy in jouself?

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy Sy roem en eer sal besing vir dit wat jy bereik het.

Jesus, help my om U te verheerlik met alles wat ek doen en bereik.

Gebedsake:

1. Bid vir die Rughughu kleuterskool met sy 25 kinders asook Ninginga Kativa.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.
4. Bid vir ons regerings in Namibië en Suid Afrika dat God deur hulle manier van doen verheerlik sal word.
5. Bid dat die Amos gebedsbrief mense geestelik sal versterk en hulle lewens sal verryk.
6. Bid ook dat die Kolskoot boodskappies op Kanaal sewe wyd en suid die kol sal tref.
7. Bid vir die herstel van die kleinvee en speenkalf bedryf in ons land.
8. Bid dat die kwessies rondom grond in suidelike Afrika regverdig hanteer sal word.
9. Bid vir die geestelike ontwaking/ wedergeboorte van elke boer.
10. Bid dat God verheerlik sal word regdeur Afrika.
11. Bid vir die Grondkonferensie wat in Oktober plaasgevind het, asook die uitvoering van besluite.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n warmer Kalahari
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smittinz@iway.na
Tet: 063 260 180 081 250 0748

Amos Kantoor: amosnamibianews@gmail.com
www.amos.com.na
Tel: +264813749333
+26467235048

13 Oktober 2018

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Die begin van kragtige gebed lê nie in: Here, gee my iets nie. Dis eerder: Here, gee my vir iets. Kenneth Wilson

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens Sy wil vra" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Draai terug na Jesus.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

384. dat jy van die verkeerde paaie sal terug draai na Hom wat die ware weg aan wys.

Lees: Esegiël 16:23-63 "maar Ek sal jou verbond weer laat geld wat Ek met jou in jou jeug gesluit het en Ek sal dit altyd in stand hou." (vers 60).

Ons lewe in 'n land waar 80% van die mense beweer hulle is Christene, maar ons kinders kom van die skool af en vertel van vreemde godsdienste waarvan hulle leer in die godsdiens studies/onderrig klas. Ons word groot in die kerk maar weet net genoeg dat dit gevaarlik kan wees. Omdat ons nooit in die verlede blootgestel was aan sulke uitdagings nie, is ons nie voorbereid daarop nie. Ons is nooit toegerus om die Woord as swaard te gebruik nie. Ons is nooit toegerus om te Evangeliseer nie. Ons weet gewoon nie hoe om ons christelike geloof te verdedig nie. Ons is 'n Christenland maar gee toegang en plek aan enige geloof. Die hartseer is dat ons so ver gedaal het dat enige iets goed is, behalwe die suiwer Evangelie van Jesus Christus.

Die voorloper van hierdie verskynsel was reeds in Esegiël se tyd in Israel sigbaar. Die volk van God dwaal af en hang vreemde gode aan. Ons is maar ook daar waar alles aanvaarbaar is. Moet tog net niemand aanstoot gee nie. Alle paaie lei na Rome. Alle

gelowe sal mos eendag in die hemel eindig. Is die siening nie die oorsaak van die louheid van die kerk in die tyd waarin ons leef nie? In die ekumeniese beweging moet ons met almal saamwerk om 'n beter lewe te verseker of gewoon om aanvaarbaar in die lewe te wees. Spreek jou uit teen dit wat verkeerd is en jy is wreed en veroordelend ens.

In Israel was alle godsdienste aanvaarbaar. Ons leef nou ook in sulke tye. Oppervlakkig lyk dinge goed, maar ons godsdiens is gevul met oppervlakkigheid. Israel was soos 'n vrou wat ontrou aan haar Bruidegom geraak het. Sy het 'n prostituut geword. Enige verbyganger was welkom. Lekker meisie, die Israel, sy het sommer die verbygangers betaal om met haar egbreuk te pleeg. Ons gelowiges, ons kerke, is ook nie meer gehoorsaam aan die Here nie. Ons loop op vreemde paaie. Ons is besig met godsdiens waar almal welkom is en waar jy tog niemand mag aanstoot gee deur op sy sonde te wys nie. Ons mense leef gewoon nie meer in intimiteit met God nie. Ons sit Sondae in die kerk maar in die week kan niemand jou as 'n kerkganger identifiseer nie. Wat moet die Here van ons sê as Hy sulke dinge van Israel gesê het? Watter tipe TV programme kyk ons as die bruid van Christus? Waaraan stel ons as bruid van Christus ons eie kinders op TV bloot?

In **Eseg 16:44-63** roep die Here die volk op om terug te draai na Hom toe. **"Ek gaan My met jou versoen ten spyte van alles wat jy gedoen het"** belowe die Here in **vers 63**. Ons verdien om verwoes te word. Ons verdien dat God Sy rug op ons draai. God roep ons om terug te draai. Jesus kom aarde toe om beide kante van die verbond na te kom. Hy kom leef 100% gehoorsaam aan die Vader sodat ons verlos kan word. Hy neem ons sonde op Hom. Jesus kom om God se heiligheid met Sy groot liefde te versoen. Jesus maak die pad oop na die Vader toe. Hy is die Weg en die Waarheid en die Lewe (**Joh 14:6**). As jy daardie Weg volg sal jy God eer en gehoorsaam. Op daardie Weg ontdek jy intimiteit met die Vader. Op daardie Weg sal jy nie ontrou aan die Bruidegom raak nie. Op daardie Weg sal jy nie met afgode besig raak nie. Op daardie Weg sal die kerk nie lou raak nie.

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy van die verkeerde paaie sal terug draai na Hom wat die ware weg aan wys. Draai terug na Jesus toe!!

Jesus, dankie vir U genade. Ek wy myself aan U om van nou af U wil te doen.

Gebedsake:

1. Bid vir die Mutchiku kleuterskool met sy 25 kinders asook Mindas manu as onderwyser.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.

4. Bid vir ons regerings in Namibië en Suid Afrika dat God deur hulle manier van doen verheerlik sal word.
5. Bid dat die Amos gebedsbrieff mense geestelik sal versterk en hulle lewens sal verryk.
6. Bid ook dat die Kolskoot boodskappies op Kanaal sewe wyd en suid die kol sal tref.
7. Bid vir die herstel van die kleinvee en speenkalf bedryf in ons land.
8. Bid dat die kwessies rondom grond in suidelike Afrika regverdig hanteer sal word.
9. Bid vir die geestelike ontwaking/ wedergeboorte van elke boer, veral Afrikaner boere.
10. Bid dat God verheerlik sal word regdeur Afrika.
11. Bid vir die Grondkonferensie wat nou in Oktober plaasgevind het, asook die uitvoering van besluite.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrieff...

Amosgroete vanuit 'n warmer Kalahari
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tet: 063 260 180 081 250 0748
Amos Kantoor: amosnamibianews@gmail.com
www.amos.com.na
Tel: +264813749333
+26467235048

28 Oktober 2018

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

God doen alles deur gebed en niks daarsonder nie. John Wesley

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **God se eer is op die spel.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

385. dat jy wat Sy Naam dra Sy eer sal beskerm.

Lees: Esegiël 17:9-24 " Maar sal hy slaag met sy onderneming? Sal hy vrykom as hy die ooreenkoms verbreek?" (vers 15).

Met die woorde "Eendag lank, lank gelede..." het ons Jakkals en Wolf stories altyd mee begin. Die oomblik wat ons daardie inleiding gehoor het was ons ore gespits. Ons was die ene ore gewees. Ons kon ons omtrent verlekke aan daai twee se streke.

Esegiël se hoorders sit ook aandagtig en luister terwyl hy die storie van die twee arende vertel. Esegiël se storie het egter 'n werklike verklaring gehad. Nebukadneser was die arend met die groot vlerke en bont vere. Hy val Jerusalem binne en ontvoer die room van die samelewing waaronder Esegiël lees ons in **2 Kon 24:15**. Daarna stel hy vir Sedekia aan. Sedekia was onbetroubaar. Sedekia het in die Naam van die Here trou gesweer aan Nebukadneser (**2 Kon 36:13**). In die geheim het hy onderhandel met Egipte om hom van Babel te bevry (**Eseg. 17:15**). Sedekia was net moeilikheid. In hom was daar geen hulp en uitkoms vir die volk nie. Op hom kon jy glad nie vertrou nie. Sy voete was beslis van klei. Politieke leiers kan baie mag hê, maar eiebelang en korrupsie maak hulle magteloos. Politici is nie altyd verlossers en bringers van heil nie. Met sy gekonkel het Sedekia die

Naam van die Here in die skande gestee, so asof Sy Naam niks werd was nie. God se eer was hier op die spel **"So sê die Here my God: So seker as Ek leef, Ek laat hom die gevolge dra dat hy die eed van getrouheid aan My geminag en die verbond met My gebreek het."** (Eseg. 17:19). Egipte sou Sedekia in die steek laat en Jerusalem verwoes. Sedekia sou in Babel sterf omdat hy God se Naam geminag het.

Ons as kinders van God moet ook onthou dat Gods se eer daaglik op die spel is. Jou lewe getuig van jou verbintenis aan Hom. Jy dra Sy Naam. As jy oneerlik is en jou nie aan ooreenkomste hou nie, sleep jy God se Naam deur die modder. Jou woord moet jou eer wees, ook tot jou eie skade. Hou jou aan die ooreenkoms. My oupa het blykbaar 'n plaas so verkoop. Hy en die koper het mondelings en met 'n handdruk ooreengekom op 'n prys en 'n paar dae later kom iemand met 'n baie beter aanbod, maar oupa het by sy woord gebly en die plaas verkoop aan die koper waaraan hy dit belowe het. Ook teen die prys waarop hulle twee ooreengekom het. Kinders van God hou hulle woord. Kinders van God is altyd eerlik. Kinders van God lewer altyd goeie werk. Kinders van God is anders as die hedendaagse norm. Is jy?

Kinders van God verteenwoordig Sy Naam op aarde. In Sy Naam is Sy eer. God se karakter is gesetel in Sy Naam. God is getrou, daarom kan jy op Hom vertrou. Hy sal sorg dat dinge reg kom. Vertrou Hom. **"Al die bome in die veld sal weet dat Ek die Here is Ek, die Here, het dit gesê en Ek sal dit doen."** (Eseg. 17:24). Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy wat Sy Naam dra Sy eer sal beskerm. Doen jy dit?

Jesus, U eer is ook vir my belangrik. Help my om so te lewe dat U Naam en u eer altyd beskerm word.

Gebedsake:

1. Bid vir die Eyes of Queen Sofia kleuterskool met sy 20 kinders asook onderwysers Lucrecia Gawises en Aune Shaanika.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.
4. Bid vir ons regerings in Namibië en Suid Afrika dat God deur hulle manier van doen verheerlik sal word.
5. Bid dat die Amos gebedsbrief mense geestelik sal versterk en hulle lewens sal verryk.
6. Bid ook dat die Kolskoot boodskappies op Kanaal sewe wyd en suid die kol sal tref.
7. Bid vir die herstel van die kleinvee en speenkalf bedryf in ons land.
8. Bid dat die kwessies rondom grond in suidelike Afrika regverdig hanteer sal word.
9. Bid vir die geestelike ontwaking/wedergeboorte van elke boer, veral Afrikaner boere.

10. Bid dat God verheerlik sal word regdeur Afrika.
11. Bid vir die Grondkonferensie wat nou in Oktober plaasgevind het, asook die uitvoering van besluite.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n warm Kalahari
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746
Amos Kantoor: amosnamibianews@gmail.com
www.amos.com.na
Tel: +264813749333
+26467235048

04 November 2018

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Gebed gaan minder oor hoe om die wêreld te verander, as wat dit gaan oor hoe om ons te verander. David J Wolpe

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhoring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Jy kan verander!**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is 386. dat jy opstaan uit die ellende van sonde en kies dat Hy jou nuut maak.

Lees: Esegiël 18:1-13 " Die vaders eet groen druie, en dan word die kinders se tande stomp" (vers 2).

Oor die algemeen is die mens baie goed met die 'blameer-speletjie'. Adam blameer vir Eva en Eva blameer die slang. Blameer is deel van ons sondige aard. Ons erken baie selde skuld en vat verantwoordelikheid vir dinge wat verkeerd geloop het. Daarom sal 'n mens dit in een huis kry dat twee kinders totaal verskillend reageer op hulle groot word omstandighede. Die een kind styg uit bo die omstandighede en die ander kind verdrink in die omstandighede. In die Boland bv. is van die hoogste Fetale Alkoholsindroom syfers in die wêreld gekonsentreer. Die mammas misbruik alkohol tydens swangerskap en die babas word as alkoholiste gebore. Daar kan natuurlik baie slegte nagevolge op die fisiese toestand van die kindertjies wees. Hulle kan met breinskade gebore word. Die ouers se spyt kom gewoonlik te laat. Die skade is gedoen. " **Die vaders eet groen druie, en dan word die kinders se tande stomp" (vers 2).**

Hierdie spreekwoord in Esegiël is nie die volle prentjie nie. As die lewe so eenvoudig was kon ons lekker agteroor sit en ons ouers vir alles wat in ons lewens verkeerd loop die skuld gee. Ons kon wêreldkampioene in die 'blame game' wees. Ja, ouers maak baie foute. Daar kom immers nie 'n handleiding vanuit die hemel met die geboorte van elke kind saam nie. Boeta en Sussa, jy wat jou ouers nou gas gee oor al hulle foute, ek het vir jou nuus. As jou eersteling arriveer sal jy weet waarvan ek nou praat. Veral as jou eersteling 'n wysneus tiener raak. Foute sal ook jy maak. Ouers se foute is een kant van die munt. Die ander kant word persoonlike verantwoordelikheid genoem.

Die waarheid is dat erfsonde ons almal besmet het. Volgens **Ps. 51:7** word ons in sonde gebore. **Rom. 3:23** verduidelik dat ons almal gesondig het en ver van God is. Die wonderlike genade van God is al in **Genesis 3** aangekondig as Hy sê dat die slang sal jou wel aan die hakskeen byt, maar Hy sal Iemand stuur wat sy kop vermorsel. Ons hoef nie in die sak en as van sonde te bly sit nie. Deur Jesus se verlossing kan jy opstaan uit daardie ellende. Ons hoef nie fatalisties in die sonde vasgevang te bly nie. Jesus, die tweede Adam, het tot ons redding gekom. Jesus wil jou nuut maak. Jesus wil jou help om wedergebore te word. Jy kan deur Jesus lid van die huisgesin van God word.

Hou op blameer. Kies om persoonlik verantwoordelikheid vir jou sonde toestand te vat. Laat Jesus jou nuut maak. Hy wil graag help. Hy het duur betaal met Sy lewe om jou vry te kry. Hy wil dit gratis vir jou gee. Dit kos aan die een kant niks nie, maar aan die anderkant kos dit alles. Dit kos alles want jy moet alles aan Hom oorgee sodat Hy jou kan nuut maak.

Die verlore seun kon in die varkhok bly sit of hy kon kies om op te staan en terug te gaan huis toe. Wat kies jy? Blameer jy vir altyd of kies jy om jouself reg te ruk en God 'n kans in jou lewe te gee? **Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy opstaan uit die ellende van sonde en kies dat Hy jou nuut maak.**

Jesus, ek kies om onder konstruksie by U te kom. Dankie dat ek U familie mag wees.

Gebedsake:

1. Bid vir die Otjapitjapi kleuterskool met sy 11 kinders asook Juf Angelina Venasiu.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.
4. Bid vir ons regerings in Namibië en Suid Afrika dat God deur hulle manier van doen verheerlik sal word.

5. Bid dat die Amos gebedsbrief mense geestelik sal versterk en hulle lewens sal verryk.
6. Bid ook dat die Kolskoot boodskappies op Kanaal sewe wyd en suid die kol sal tref.
7. Bid vir die herstel van die kleinvee en speenkalf bedryf in ons land.
8. Bid dat die kwessies rondom grond in suidelike Afrika regverdig hanteer sal word.
9. Bid vir die geestelike ontwaking/wedergeboorte van elke boer, veral Afrikaner boere.
10. Bid dat God verheerlik sal word regdeur Afrika.
11. Bid dat die Grondkonferensie wat nou in Oktober plaasgevind het, 'n positiewe uitwerking in ons land sal hê.
12. Een van die kleuterskool monitors, Marie, het in die week 'n noodoperasie gekry. Kom ons bid saam vir haar spoedige herstel.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n warm baie droë Kalahari
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0748
Amos Kantoor: amosnamibianews@gmail.com
www.amos.com.na
Tel: +264813749333
+26467235048

10 November 2018

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Daar bestaan nie 'n gedagte, 'n gevoel of 'n omstandigheid waarmee jy nie na Jesus kan gaan nie. Octavius Winslow

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens Sy wil vra" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Vat verantwoordelikheid!**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

387. dat jy verantwoordelikheid vir jou eie keuses vat.

Lees: Esegiël 18:24-32 "Julle sê: Die Here tree nie reg op nie. Luister, Israel, tree Ek nie reg op nie? Dit is julle wat nie reg optree nie!" (vers 25).

Tieners misbruik die "dis nie regverdig nie", stelling gou in daardie fase van hulle lewe. Hulle ouers is die mees onregverdig en soms "dom" mense wat bestaan. As jy skoolhou weet jy ook dat onderwysers die grootste skurke is wat lewe. Tieners bestaan net vir hulle self, eie belange en behoeftes. So spring regerings en politieke partye in Afrika ook op die beskuldigings trein deur hulle eie onvermoë en wanadministrasie weg te steek deur vorige regerings en politieke bestelle te blameer. Dekades van diskriminasie in die apartheidsjare is seker die oorsaak dat diskriminasie nou weer van die ander kant af toegepas word. Veral blanke mans sukkel om werk te kry, bloot oor hulle velkleur. So kla ander minderheidsgroepe dat teen hulle taal, kultuur en etnisiteit gediskrimineer word. Tieners blameer hulle ouers en onnies vir alles wat skeef loop. Politieke partye blameer

vorige regerings en politieke bestelle. Niemand vat verantwoordelikheid vir hulle eie swak besluite, administrasie, bestuur en keuses nie.

Die ballinge in Babel het ook 'n sondebok gesoek om te blameer vir die situasie waarin hulle verkeer. Hulle ouers het sonde gedoen en nou moet hulle daaronder ly. Die vorige regering het seker ook swak besluite geneem wat hulle benadeel. Hulle voel ook die Here is onregverdig deur hulle te laat swaar kry vir hulle ouers se foute. God stem nie met hulle saam nie. **"Die mens wat sondig, sal sterwe. 'n Seun sal nie die straf op sy pa se sonde dra nie, en 'n pa sal nie die straf op sy seun se sonde dra nie. Wie leef volgens My wil, sal die vrugte daarvan pluk. Wie goddeloos is, sal die straf daarvoor dra."** Eseg. 18:20. Die erfsonde wis nie jou persoonlike verantwoordelikheid uit nie. Elke mens sal vir sy eie denke, woorde en dade rekenskap moet gee voor God. Jy het jou eie paspoort hemel toe. Jy reis nie op jou ouers of kerk se paspoort hemel toe nie. Daar is net een manier hoe jy daar kan kom en dit is deur Jesus Christus as jou Verlosser aan te neem. Joh. 1:12 **"Maar aan almal wat Hom aangeneem het, die wat aan Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word."** Jou ouers se sonde kan jou nie benadeel nie want Jesus belowe dat Hy almal wat na Hom toe kom sal aanvaar. Joh. 6:37 **"...Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie."** As jy die Evangelie hoor en jou nie daaraan steur nie sal jy moeilikheid iewers langs die pad optel. Moenie iemand anders behalwe jouself daarvoor blameer nie. Neem verantwoordelikheid vir jou eie verkeerde keuses. Dis jou eie skuld as jy geestelike ballingskap beleef, soos deur te voel dat jy teen die dak vas bid of kontak met God verloor het. Selfs as jy deur ongeloof in die hel beland is dit jou eie skuld. God is regverdig. Hy weet wat jou keuses en besluite is. Hy weet watter voorregte jy as kind gehad het en dat die situasie waarin jy nou is nie iemand anders se skuld is nie. Dra verantwoordelikheid vir jou eie besluite.

God is wel genadig. Sy verlossing is vir almal wat dit deur geloof in Jesus aanvaar. Het jy al gekies om Jesus as Saligmaker te aanvaar? Is jy 'mans genoeg' om verantwoordelikheid vir jou eie keuses en besluite te vat? **Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy verantwoordelikheid vir jou eie keuses vat.**

Jesus, ek vat verantwoordelikheid vir my eie geestelike reis. Sal U my asb help om reg te kies en deur U genade my foute reg te stel.

Gebedsake:

1. Bid vir die Everlasting kleuterskool met sy 11 kinders asook Juf Angelina Venasiu.
2. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
3. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.
4. Bid vir ons regerings in Namibië en Suid Afrika dat God deur hulle manier van doen verheerlik sal word.

5. Bid dat die Amos gebedsbrief mense geestelik sal versterk en hulle lewens sal verryk.
6. Bid ook dat die Kolskoot boodskappies op Kanaal sewe wyd en suid die kol sal tref.
7. Bid vir die herstel van die kleinvee en speenkalf bedryf in ons land.
8. Bid dat die kwessies rondom grond in suidelike Afrika regverdig hanteer sal word.
9. Bid vir die geestelike ontwaking/wedergeboorte van elke boer, veral Afrikaner boere.
10. Bid dat God verheerlik sal word regdeur Afrika.
11. Bid dat die Grondkonferensie wat nou in Oktober plaasgevind het, 'n positiewe uitwerking in ons land sal hê.
12. Een van die kleuterskool monitors, Marie, het in die week 'n noodoperasie gekry. Kom ons bid saam vir haar spoedige herstel.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n warm en baie droë Kalahari
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tet: 063 260 180 081 250 0748
Amos Kantoor: amosnamibianews@gmail.com
www.amos.com.na
Tel: +264813749333
+26467235048

18 November 2018

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Daar is niks wat jy nie met die sekerheid van Sy liefde en in die eenvoud van geloof vir Jesus kan vertel nie. Octavius Winslow

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhoring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens Sy wil vra" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **God se eer is altyd op die spel.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

388. dat jy met Sy eer in gedagte sal lewe.

Lees: Esegiël 20:10-29 "Ek wou nie dat My Naam oneer aangedoen word voor die nasies voor wie se oë Ek my volk uit Egipte gebring het nie." (vers 14).

God is nie net vir Israel daar nie, maar vir al die nasies. God wou deur hoe Hy Israel hanteer Sy majesteit aan al die nasies wys. Die rede was dat Hy geëer sou word en dat hulle gered kon word. Elke gelowige uit watter nasie ook al is soos 'n wilde takkie wat op die Olyfboom ge-ent word en daar verder groei en lewe. Ongelukkig ly God se Naam soveel skade deur die optrede van Sy kinders. As ons dae en ons woorde nie korreleer nie is ons besig om mense te verwar. Dit is soos 'n radio wat bo-op 'n TV staan en klassieke musiek speel terwyl die TV se klank af is en sy beeld 'n motor resies beeldsend. Die twee is teenstrydig en verwarrend.

Die leiers onder die ballinge kom kuier by Esegiël om die Here te raadpleeg. Die Here herinner hulle hoe Hy hulle voorouers uit Egipte gaan haal het en hoe hulle telkens ongehoorsaam aan Hom was, al het Hy sy wil gereeld aan hulle baie duidelik bekend gemaak. Eintlik moes Hy hulle vernietig, maar die eer van Sy Naam het hulle gered. Hy

het hulle belowe om hulle beloofde land toe te vat. As gevolg van Sy getrouheid sou Hy nie sy belofte verbreek nie. Die nasies rondom het gewet wat Hy hulle belowe het. As Hy hulle sou vernietig, sou Sy Naam oneer ly. Die ander nasies sou dink dat Hy nie in staat was om hulle na die beloofde land te vat nie.

Toe die volk vir hulleself 'n goue kalf gemaak het en God hulle wou uitwis, het Moses vir hulle ingetree deur dieselfde argument te gebruik: Wat sou die Egiptenaars sê? **Eks 32:12 "Waarom moet die Egiptenaars kan sê: Hy het die Israëliete bevry met die bose plan om hulle tussen die berge dood te maak en hulle heeltemal te vernietig? Laat U toorn bedaar en wees U volk genadig. Moet tog nie die ramp oor hulle laat kom nie."**

Ons kry ook daaglik met ongelowiges te doen wat ons met valkoë dophou. Daar is niks wat hulle meer plesier gee as wanneer Christene, veral Christenleiers, in sonde val of onder mekaar baklei nie. Soms doen ons oneindige skade aan die Koninkryk as ons nie doen wat ons sê nie. (Practice what you preach.) Die kerk het Sy geloofwaardigheid verloor omdat ons een ding sê en 'n ander ding leef. Wat sien die wêreld by jou?

Voor die oë van die nasies moet ons God se eer handhaaf. Ons mag Hom nie in die skande steek nie.

Jesus, ek wil getrou aan U leef. Help my om die regte voorbeeld te stel?

Gebedsake:

1. Bid vir die Foundation kleuterskool, asook Juf Kaetoroka Kasupi.
2. Bid dat die harte van elke kleuterskool juffrou gebind aan God sal wees sodat hulle die kleintjies reg sal lei.
3. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
4. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.
5. Bid vir ons regerings in Namibië en Suid Afrika dat God deur hulle manier van doen verheerlik sal word.
6. Bid dat die Amos gebedsbrieff mense geestelik sal versterk en hulle lewens sal verryk.
7. Bid ook dat die Kolskoot boodskappies op Kanaal sewe wyd en suid die kol sal tref.
8. Bid vir die herstel van die kleinvee en speenkalf bedryf in ons land.
9. Bid dat die kwessies rondom grond in suidelike Afrika regverdig hanteer sal word.
10. Bid vir die geestelike ontwaking/wedergeboorte van elke boer, veral Afrikaner boere.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

**Amosgroete vanuit 'n warm en baie droë Kalahari
Smittie Kotzé**

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0748

Amos Kantoor: amosnamibianews@gmail.com
www.amos.com.na
Tel: +264813749333
+26467235048

25 November 2018

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Die groot dinge in die lewe word gegee net aan hulle wat bid. 'n Mens leer egter in lyding die beste bid. Peter Wust

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens Sy wil vra" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Wees oop om God se stem te hoor.**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

389. dat jy ontvanklik vir Sy Woord sal wees.

Lees: Esegiël 21:1-7 "Jy moet voor hulle oë 'n ineenstorting kry en bitterlik kreun." (vers 6).

"Huil hier" was 'n kantaantekening wat 'n ouderling raak lees op 'n preek van sy dominee wat per ongeluk in 'n konsistorie bly lê het. Wat geesvervulde dominees en pastore net nie alles sal doen om die belangrikheid van hulle boodskap te beklemtoon nie. Die boodskap van God se Koninkryk wat oorgedra moet word is vir ons almal van lewensbelang. Jou ewige tuiste hang daarvan af en tog neem mense deesdae nie regtig die Bybel ernstig op nie. Ek luister nou eendag terwyl ek deur Suid Afrika ry na 'n praatjie op die radio van 'n professor in Teologie wat beweer: Mense hanteer die Bybel asof dit gister gedruk en vandag voor hulle deur neergesit is. M.a.w. dit is vir die proffie 'n probleem dat mense die Bybel hanteer asof sy boodskap nie verouder nie en dit hedendaags relevant is. Die waarheid is die boodskap van die Bybel verouder nie. Dit openbaar die karakter van God en Sy boodskap aan ons. God kan nie verouder nie en Sy boodskap ook nie.

'n Jong seun vra vir sy ma "weet Ma wat het gemaak dat ek ophou steel het?" "Dit was seker die pakslae wat jou Pa jou gegee het," antwoord sy. "Nee, dit was omdat Pa gehuil het nadat hy my geslaan het," sê die seun. Dit is so, gevoel en emosie raak 'n mens en kan 'n saak sterk beklemtoon. Ons manne kan maar leer dit is nie altyd verkeerd om emosie te wys nie. Esegïel moes dit leer en gaan doen voor sy gehoor. Hy gee selfs die kantaantekening by sy preek vir ons om die erns van die boodskap raak te sien. Hy dui ook aan hoe die hoorders sou optree as die slegte nuus hulle tref. Die oordeel van God sou hulle almal tref. Al hulle hoop sou vervaag. 'n Woeste vrees sou hulle oorval. **"En as hulle vir jou vra hoekom jy kreun, moet jy sê: Oor die tyding wat kom; elke hart sal verstyf van angs, al die hande sal slap hang, almal sal moed verloor, water sal teen al die knieë afloop; dit kom, dit sal gebeur, sê die Here my God."** (vers 7).

Wat moet gebeur dat mense God se Woord en die belangrikheid van die boodskap daarin ernstig opneem? Ons woon in 'n sogenaamde Christenland. Meeste van ons het al der duisende preke deur ons lewens gehoor. Soms is ons al sat gepreek omdat ons woorde hoor wat nie by dae pas nie. Ons kyk na kerkmense wat saam met ons werk en ons sien nie Jesus in hulle raak nie. Ons skinder saam. Ons vertel vuil grappe en lag saam vir al die vieslikhede. Ons ken mense goed maar as ons ietsie slegs van hulle hoor dan glo ons dit en skinder saam. Eintlik moer ons saam as ons skinder. Ons korrigeer nie die storie draer nie. Ons word op geslurp in die sappige twak wat aan ons opgedis word en vernietig die persoon ter sprake.

Ja, ons is al so gewoond aan al die preke waarna ons luister dat die boodskap soos water van 'n eend se rug afloop. Ons word horende doof gepreek. Aan die een kant is die hardhorendheid seker omdat ons nie die woorde en dae van die mense om ons bymekaar kan uitbring nie. Ons Christene "practice" nie wat ons "preach" nie. Dit maak die ouens om ons geestelik sinies of afgestomp. Aan die ander kant raak jy hard horend as jy gereeld die Skrif se boodskap ignoreer. As jy aanhoudend vir God "nee" sê, sal jou hart hard word. Die saad sal later op die klip harde pad val of tussen die onkruid wat welig groei en die saadjies van die Woord versmoor.

Wil jy nie maar vandag kies om God se Woord ernstig op te neem nie. As die laaste trompet blaas en jy is nie gereed nie, omdat jy hardhorend was sal die water teen jou knieë afloop van angs sê **Esegïel 21:7**. Moenie na mense, selfs jou dominee, kyk nie. Mense het voete van klei. Hou jou oë op Jesus. Hy nooi jou om in geloof Sy uitnodiging om die ewigheid saam met Hom te spandeer te aanvaar. **Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy ontvanklik vir Sy Woord sal wees. Gee die Heilige Gees 'n kans om Sy Woord in jou vas te lê.**

Jesus, maak my hart oop om U stem te hoor. Vergewe my my hardhorendheid.

Gebedsake:

1. Bid vir die Revival kleuterskool, asook Juf Sara Matota.
2. Bid dat die harte van elke kleuterskool juffrou gebind aan God sal wees sodat hulle die kleintjies reg sal lei.
3. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
4. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.
5. Bid vir ons regerings in Namibië en Suid Afrika dat God deur hulle manier van doen verheerlik sal word.
6. Bid dat die Amos gebedsbrief mense geestelik sal versterk en hulle lewens sal verryk.
7. Bid ook dat die Kolskoot boodskappies op Kanaal sewe wyd en suid die kol sal tref.
8. Bid vir die herstel van die kleinvee en speenkalf bedryf in ons land.
9. Bid dat die kwessies rondom grond in suidelike Afrika regverdig hanteer sal word.
10. Bid vir die geestelike ontwaking/wedergeboorte van elke boer, veral Afrikaner boere.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n warm en baie droë Kalahari
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.



AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0748
Amos Kantoor: amosnamibianews@gmail.com
www.amos.com.na
Tel: +264813749333
+26467235048

01 Desember 2018

Liewe (Amosvriend), ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan" (3 Joh vers 2).

Voorspoed en seën! Dien Hom met oorgawe.

Laat ons dan met vrymoedigheid bid, omdat ons weet dat God se genade in Christus nie afhang van wat ons vir God doen nie, maar van wat Hy reeds vir ons gedoen het. Philip Yancey

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhooring beleef!

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Keuses**.

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...

390. dat jy saam met Hom sal kies sodat jy die regte keuse kan maak.

Lees: Esegiël 21:18-27 "Mens, jy moet vir die koning van Babel se swaard twee paaie maak om op te kom." (vers 19).

Kinderdienste is gewoonlik baie waardevol omdat die volwassenes dan ook die boodskap mooi verstaan. Elke gelykenis wat Jesus vertel het en elke beeld wat Hy gebruik het was bedoel om die boodskap duidelik, eenvoudig en verstaanbaar te maak. Onder die Afrika mense is ook baie legendes wat vertel word om 'n boodskap tuis te bring of om vir kinders iets duidelik te maak. Uit Malawi kom die volgende legende om vir jou te waarsku om nie twee Here te dien of twee gedagtes te troetel nie. Eendag was daar 'n jakkals wat in die voetpad gedraf het. Hy kom toe by 'n vurk in die pad en moet toe 'n keuse maak van watter pad hy sal vat. Hy besluit toe om albei paaie gelyktydig te bewandel. Hy draf toe met sy linkerbene op die een pad en met sy regterbene op die ander pad. Die paaie loop toe nie parallel nie en gaan al verder uit mekaar totdat die jakkals middeldeer skeur. Hink op twee gedagtes dan ervaar jy ook hierdie verskeurdheid. Dien twee Here en presies dit gebeur.

Esegiël is ook besig om beelde te gebruik om 'n boodskap oor te dra. Hy het reeds vir die leiers van die volk vertel van al die slegte nuus wat hulle sou kry en van die effekte daarvan op hulle. Hy het ook vir hulle vertel dat 'n swaard hulle sou verwoes. Nou gaan hy verder met sy wys en vertel preek. Hy teken 'n kaart in die grond met 'n stok. Hy vertel aan hulle dat die koning van Babel optrek om iewers te gaan oorlog maak. 'n Mens kry amper die idee van daardie tye dat daar 'n oorlog-maak seisoen was soos wat ons 'n jagseisoen het en die Amerikaners 'n sikloon of orkaan seisoen ens. Die koning van Babel trek op om te gaan oorlog maak. Hy moet net nog sy opponent kies. Daar is 'n vurk in die pad. Die een pad lei na Jerusalem en die ander pad lei na Rabba. Wie sal hy kies om teen op te trek? Watter stad sal hy beleër? Hy skud die pyle in sy koker. Hy raadpleeg sy afgode. Hy kyk na 'n dier se lewer. Uiteindelik trek hy die pyl uit sy koker waarop Jerusalem se naam staan. Hy gaan teen Jerusalem oorlog maak. God laat toe dat Jerusalem gekies word omdat hulle opstandig en sondig was. Hulle het verkeerde keuses gemaak. **"Daarom, so sê die Here my God, het julleself gewys hoe skuldig julle is toe julle opstandigheid aan die lig gekom het en julle sondes duidelik geword het aan alles wat julle doen, julle is aan die kaak gestel en julle sal aangeval word."** Eseg. 21:24.

Die mense van Jerusalem is geskok en verslae want hulle het dan sulke goeie verdrae gesluit en ooreenkomste aangegaan. In **Jer. 37:5-8** lees ons van die gevolge van hulle gekonkel met Egipte wat buite God se wil was. Die ontrou van Sedekia het God se naam deur die modder gesleep en moes gestraf word (**Eseg. 21:27**). Is ons nie ook maar baie dae soos die jakkals wat op twee paaie gelyktydig wou draf nie. Ons wil ook ons brood aan albei kante gebotter hê. Ons wil die voordele van beide wêrelde hê. Ons gaan dokter toe totdat hulle niks meer kan doen nie, dan moet God inspring en help want ons het nou nie meer raad nie. God gee die reën, maar die weerman is baie meer belangrik as die Gewer van reën. Ons is in sak en as as die weerman 'n negatiewe voorspelling maak. Ons sluit ook politieke verdrae sonder om te hoor wat God wou hê.

Kom ons let daarop om God te raadpleeg in elke situasie in die lewe. Hy sal ons help om die regte besluite te neem as ons Hom vertrou en gehoorsaam. Leef in geloof en Hy sal jou nie teleurstel nie. **Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is dat jy saam met Hom sal kies sodat jy die regte keuse kan maak.**

Jesus, help my om U onvoorwaardelik te vertrou. Help my om as gelowige U eerste te raadpleeg. Help my om die regte keuses te maak omdat ek U gehoorsaam en vertrou.

Gebedsake:

1. Bid vir die Little Jack kleuterskool, asook Juf Gift Ngarizemo.

2. Bid dat die harte van elke kleuterskool juffrou gebind aan God sal wees sodat hulle die kleintjies reg sal lei.
3. Bid vir die Queen Sophia projek, asook Chris en Jessie van Rooyen wat aan die stuur staan.
4. Bid dat die droogte oral in Suidelike Afrika gebreek sal word en bid ook vir die finansiële herstel van die boeregemeenskap na die jarelange droogte.
5. Bid vir ons regerings in Namibië en Suid Afrika dat God deur hulle manier van doen verheerlik sal word.
6. Bid dat die Amos gebedsbrief mense geestelik sal versterk en hulle lewens sal verryk.
7. Bid ook dat die Kolskoot boodskappies op Kanaal sewe wyd en suid die kol sal tref.
8. Bid vir die herstel van die kleinvee en speenkalf bedryf in ons land.
9. Bid dat die kwessies rondom grond in suidelike Afrika regverdig hanteer sal word.
10. Bid vir die geestelike ontwaking/wedergeboorte van elke boer, veral Afrikaner boere.

Geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag jy die seën van die Here beleef omdat jy gehoorsaam aan die Skrif wil leef en 'n ware dissipel vir Jesus wil wees.

As jy enige sake vir voorbidding het kan jy dit gerus deurstuur dan plaas ek dit in die gebedsbrief...

Amosgroete vanuit 'n warm en baie droë Kalahari
Smittie Kotzé

Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak die Amoskantoor in die verband: 081 148 8993.

As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316.